



# **HOE OM GODVRUGTIG TE LEEF**

**Dr. Gerrie de Haas**

[gerrie@gedaministries.co.za](mailto:gerrie@gedaministries.co.za)

# HOE OM GODVRUGTIG TE LEEF

## INHOUDSOPGAWE

### ***Johannes 14:12;***

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan'.

Dis baie duidelik hier dat Jesus Sy opdrag aan die kerk kom gee het. Die groter werke sal begin as ons begin bid, en bid en bid. Nie net bid nie, geestelike gebed, in die krag van Heilige Gees. Ons grootste wapen in die konflik met Satan en sy bose magte is geestelike gebed. Daar is geen manier dat ons groter werke sal kan doen as dit nie deur geestelike gebed is nie.

1. Redding aan die kruis.
2. Vervolging.
3. Verstaan ons God se plan?
4. Laat liefde ons lei.
5. Is God in my storms?
6. Die groter werke.
7. Met Sy hulp.
8. Beweeg jy in outoriteit?
9. God se wil vir ons lewe.
10. Vuur van die hemel.

# REDDING AAN DIE KRUIS

Ons leef in 'n tydperk waarin soveel geestelike waarhede aan ons openbaar word. Moet dit nie alles probeer verstaan nie.

Moet nie alle drome en visies probeer oopbreek en duidelik maak nie. Begin net om dit te geniet, want dit is die waarheid en dit wil in jou ook werk. Laat net toe dat Heilige Gees Sy boodskap aan jou gee.

Die één saak wat die waarheid is, is dat Jesus Christus die Seun van God is. Die werklikheid van Sy dood aan die kruis het my ook laat beseft dat ek iets meer nodig het as godsdiens of filosofie. Ek het een dag beseft ek het iemand nodig wat my kan help in tye van stryd en swaarkry, iemand wat aan my oorwinning kan gee.

As ons kyk na hierdie Jesus Christus, die Verlosser, die Saligmaker, die geneser, dan sien ons iemand wat nie aan ons godsdiens, of reëls en regulasies kom gee het nie, maar Homself. Op 'n praktiese manier het Hy redding aan die mensdom kom gee. Hy is 'n God wat sonde haat, maar almal aanvaar wat na Hom toe wil kom.

Ek het ook eendag beseft ek het vergifnis van my sonde nodig.

Hierdie Christus het gekom om ons weer te herstel. Al die siekes, die emosionele gebreektes en die geestelik versteurdes kan na Hom toe gaan. Hy het aan almal gevat en hulle gesond gemaak. Hy kan almal wat foute in hulle lewens toegelaat het, vergewe en die verhouding met hulle herstel. As ons net weer ons geloof opnuut in Hom kan sit, is Hy vandag hier om dit vir elkeen van ons te doen.

Christus kon kom om vrede in jou gemoed te bring. Hy wil al jou twyfel en al jou mislukkings weer herstel. Vandag kom sê Hy vir jou: 'Jy moet glo dat Ek dit kan doen. Moet nie in jou hart ontsteld wees en dink Ek kan nie! Ek weet jy het louter geword.

Ek weet jy is bang oor dinge wat toegelaat is. Ek weet jy is onseker oor die toekoms. Ek weet jy het teruggesak, maar kom, Ek wil dit vandag herstel'.

Jesus Christus kon die dooies weer laat lewe. Ons vind nêrens in die Bybel waar Jesus 'n begrafnis waargeneem het nie. Hy kon begrafnisse verander in wonderlike oorwinnings. Vandag nog! Jesus het soveel geduld en passie vir dié wat deur demone geteister word. Soveel mense vandag speel bankrot, mense sterf in families, depressie en swarmoedigheid sien ons elke dag.

As hierdie drama's aangaan, raak selfs Christene moedeloos en verslaaf en eindig waar demone hulle begin beheer. Te veel jong mense verlaat ook huise, net om nooit weer terug te keer nie. Christus is nog elke oomblik gereed vir hierdie oorlog. Hy het immers gekom om te verlos, vry te maak en te ontbind. Hy is hier om die gebrokenes te herstel en lewe aan hulle terug te gee.

Sy liefde is so kragtig. Hy wag net dat elkeen na Hom toe moet gaan. Hy wil jou so graag terug hê sodat jy lewe in oorfloed kan ervaar.

Kom ons lees van die kruising van Jesus Christus:

***Lukas 23:32-33, 39-43;***

32. En daar is nog twee ander, kwaaddoeners, weggelei om saam met Hom tereggestel te word. En hulle het vir Jesus gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

39. En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het vir Jesus gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.

Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? Ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons daede, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.

En hy sê vir Jesus: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom'. En Jesus antwoord hom: 'Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met my in die Paradys wees.'

**Jesus sê vir hom:** 'Jy sal saam met my in die Paradys wees.'

Die enigste ding meer buitengewoon aan hierdie versoek van die rower is dat dit toegestaan is.

Hierdie toneel gaan by alle normale perke van verbeelding verby. 'n Boosdoener en rower vra vir die Seun van God die ewige lewe? Maar dat die versoek toegestaan word, is ongelooflik. Maar hoe ongelooflik dit ook al klink, dit is presies wat gebeur het. Hy wat die hel verdien het, kry die ewige lewe.

Wat is dit wat Jesus Christus hier vir ons kom leer het?

Wat het Hy regtig kom probeer bewys deur hierdie geweldenaar te verskoon, wat heel moontlik nooit eers vir genade gevra het nie en dit allermens verdien het?

Hierdie man word agv. wat hy gedoen het, ongeskik verklaar deur die Romeinse Ryk om verder te lewe – maar op dieselfde oomblik vind Jesus Christus hom geskik om in Sy koninkryk te kom lewe. Wanneer stap hy in die koninkryk in? Daar op die kruis. In 'n koninkrykslewe in. Die resultaat: Hemel toe.

Volgens wêreldse standaarde voldoen ek en jy nie aan al die vereistes nie. Hierdie is net weer 'n voorbeeld dat God alles anders en op Sy manier sien. Hy kan enige omstandigheid in 'n oogwink verander. Ons gaan saam met Hom lewe. Ons gaan Sy troon deel en saam met Hom regeer! Ons tel iets. Ons is waardevol.

### **Verhaal van Oom Robbie.**

Jare gelede bel 'n man my by die spreekkamer en vertel my van sy ou vader wat besig is om êrens in 'n huis dood te gaan.

Blykbaar is hy op sy laaste en wil ek nie maar net daar 'n draai gaan maak en kyk of daar nog medies iets is wat gedoen kan word nie. Ek vra aan hom of die oom regtig wil hê dat ek moet kom. Hy antwoord: 'Waarskynlik nie. Hy weet nie dat ek bel nie. Hy is altyd so hardkoppig'.

Nou, iets in my het gesê ek moet gaan.

Die ou oom en tannie bly agter op 'n erf in 'n klein woonstel. Daar aangekom was alles verwaarloos en die tannie staan buite. Na die groetery en bekendstellery is ek die huis in.

Alles in die kamer was so donker. Elke venster en gordyn toegetrek. Net 'n klein liggie op 'n kas. Alles is so bedompig en ruik na rook. Ek het soveel keer gesien dat waar jy instap waar sonde heers, daar ook duisternis is. Op 'n bed in die kamer lê oom Robbie. Maer en uitgeteer. Hy lê op sy sy. Met die eerste oogopslag en as jy kyk hoe hy asemhaal, weet ek dadelik: Hy is sterwend. Voor sy bed is 'n tafeltjie. Daarop is 'n half koppie water en 'n wit sopbord, driekwart vol sigaretstompies.

Die tannie sê dat hy nou al drie dae net so lê. Hy kan gladnie meer sy kop optel nie. Drie dae laas iets geëet. Gister laas uriene passeer.

Ek buk voor sy bed en praat met hom. Hy maak net 'n paar steun-geluide, maar sê niks. Ek vertel hom wie ek is en dat ek hom graag wil help. Sy antwoord was dat hy nie my hulp nodig het nie. Na 'n rukkie vra ek hom of ek vir hom kan bid.

Sy antwoord kom stadig: 'Nee wat dokter, dit sal nie help nie. My sonde is te groot en te veel. Ek wil nie regtig 'n gebed hê nie – dit sal nie meer help nie'.

Ek gaan sit op die bed en vertel Oom Robbie van die man op die kruis. Dat Jesus hom nog genadig was, al het hy sonde gehad. Ek vertel hom die hele verhaal.

Al antwoord was: 'Dankie dokter, jy kan maar gaan'. Ek is daar vort. Vir die tannie mooi vertel dat die einde baie naby is en dat ons nie veel meer kan doen nie.

Met 'n 'laat hom maar nog baie water drink' is ek weg.

Die volgende middag laat daag die tannie by die spreekkamer op. Sy soek na my.

Met 'dokter, ek wil jou net ietsie kom vra', begin haar verhaal.

Sy vertel dat, nadat ek weg is, oom Robbie net so bly lê het.

Hy was net te gedaan om te beweeg. Die aand het sy die deken oor sy voete gegooi en self op die ander bed gaan lê.

Sy het so vieruur die oggend se kant wakker geword van iets in die kamer: Sy vertel dat toe sy opstaan, sien sy oom Robbie regop sit op sy bed. Hy sit en sê oor en oor: 'God, as U genade vir daardie man op die kruis gehad het, gaan my ook nie nou verby nie'. Hy het lank so gesit en dit oor en oor gesê.

Skielik terwyl hy nog so praat en bid, het hy net teruggesak op die kussing. Sy het geweet hy is weg. Daar is 'n groot vraag wat sy net wil vra. Sy hou my hande vas en vra: 'Dokter, dink jy God het hom regtig kom haal?' Al wat ek kon sê op daardie oomblik was net: 'Ek glo werklik so, my tannie'.

Jy sien, as daar iets is wat Jesus almal wil laat verstaan is dat 'n persoon waardevol vir Hom is. Net omdat hy 'n mens is.

Ons is gemaak volgens Sy beeld. Dis hoe Jesus oor mense voel en dis waarom hy mense so behandel het. Die mens is vir Hom so belangrik. Hy wil elkeen in die hemel sien.

Dink daaraan:

- \* Die vrou wat betrap is met iemand wat sy nie moes gewees het nie – Hy vergewe haar.
- \* Die sterwende melaatse wat vra om gesond te word – Hy maak hom rein.

- \* Die blinde man langs die pad - Hy gee aan hom genesing
- \* En die sieke by die poel van Siloam – Hy herstel hom.
- \* Mense wat alles verloor het, kry volkome herstel.

En dan die kruising soos beskryf deur Lukas.

Ons ken die verhaal, genoem 'Die rower aan die kruis'.

As daar ooit iemand was wat waardeloos was, is dit dié een.

As mens dit ooit verdien het om te sterf sonder 'n doel, was dit hierdie ou. Hy was op die toppunt van die verloorders.

Dit is heel moontlik waarom Jesus hom gekies het om vir ons te wys wat Hy dink van die menslike ras.

Hierdie man aan die kruis, wie was hy?

Miskien het hy vroeër die Messias hoor praat.

Miskien het hy gesien hoe Hy die laagstes hanteer het.

Miskien het hy gesien toe Jesus geëet het saam met die tollenaars en die uitgeworpenes op straat. Óf, miskien nie.

Miskien is die enigste ding wat hy van die Messias geweet het, dit wat hy nou sien: 'n Stukkend-geslaande sterwend prediker.

Sy gesig pers en vol bloed, stukke bene wat uitsteek deur die vel, sy longe wat hortend asemhaal.

Maar iets, iets sê vir hom dat hy op daardie oomblik in iemand wonderlik se teenwoordigheid is.

Hy besef dat al wat hy oor het – is dalk net 'n laaste versoek en hy besef hy het die regte Een ontmoet om dit voor te vra.

Dan die groot uitroep: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom'.

Jesus kyk na hom en sien sy hart raak: 'Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees'.



Nou hoekom het Jesus dit gedoen ? Wat in die wêreld kon hy wen deur hierdie rower 'n ereplek in die hemel te belowe ?

Wat kon hierdie sterwende man ooit vir hom teruggee? Niks. Maar hierdie man. Wat gaan hy doen? Niks nie. Wel dis die punt. Luister mooi. Jesus se liefde hang nie af van wat ons vir Hom kan doen nie. Glad nie.

In die oë van die Koning het jy waarde, net omdat jy hier is. Jy het nie nodig om mooi te lyk of iets groots te doen nie. Jou waarde is in jou ingebou. Al wat Hy vandag vir jou kom sê is: 'Het jy My regtig nodig? '

Die volgende keer as iemand jou wil afmaak as goedkoop, lag net en onthou hoe Jesus jou al ge-eër het. Ek maak ook so. Ek lag, want ek besef ook dat ek nie sulke liefde verdien nie. Nie een van ons verdien dit nie. Almal van ons, selfs die getroues, verdien hemel net so min soos daardie rower aan die kruis. Almal van ons teken op Jesus Christus se kredietkaart, nie op jou eie nie.

Dit maak my glimlag om te dink daar loop 'n kwaaddoener op die goue strate wat meer weet van genade as 'n duisend predikante.

Niemand wou eers vir hom 'n gebed of 'n kans gegee het nie. Maar op die ou einde het hy net een gebed oorgehad. En op die ou einde is dit al wat hy nodig gehad het. Dit is die onverdiende genade waarna ons smag elke dag van ons lewe.

.....

# VERVOLGING

Ons hoor baie keer die woorde: 'As die onwaarskynlike gebeur..'. Dis gewoonlik in 'n vliegtuig en die lugwaardin wil jou leer hoe om die reddingsgordel aan te sit, 'as die onwaarskynlike gebeur'. Dit hou ongelukkig iets onheilspellends in.

Ons is baie bewus van die naderende stryd waarin die kerk hom bevind. Soos wat heiligheid vermeerder, is die aanslag groter. Hoe gaan ons ons voorberei vir die vervolging wat gaan kom? Voorbereiding vir die hemel klink baie beter, maar wie wil hom voorberei vir ellende?

Met ons onlangse konferensie het dit duidelik uitgekom dat vervolging sal kom – die Bybel sê so.

## **2 Timotheus 3:12;**

'En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal Vervolg word.'

Is daar dan gladnie hoop nie? Ja, daar is. Vervolging terwille van die Naam van Jesus is nie 'n neerlaag nie, maar 'n oorwinning! Vervolging is 'n teken van dissipelskap. Daarom is daar hoop.

## **Lukas 6:22 & 23;** Jesus wat sê:

'Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens. Wees bly in daardie dag en spring op, want kyk, julle loon is groot in die hemel.'

Wie 'n vriend van Jesus wil wees, word outomaties 'n vyand van die wêreld. Christus maak geen uitsonderinge nie. Hy sê nêrens dat party Christene vervolg sal word en andere nie.

As ons lees van die dissipels sien ons dat hulle terwille van hulle geloof erg vervolg is. Meestal deur die kerk! Toe die Eerste kerk net mooi aan die gang was, was daar erge vervolging deur Nero.

Later het die kerk en sendelinge dieselfde pad geloop. Satan wat dit regkry om teen mense, deur ander mense te werk. Hy sit agter alles.

Ek lees van Broer Andrew, stigter en sendeling van Geopende Deure. Hy skryf dat hy 'n kerkleier ontmoet het in Oos-Europa, wat 'n paar keer in die tronk was oor sy geloof.

Die predikant vra toe vir Andrew of daar ook vervolging van Christene is in Holland waar hy vandaan kom. Andrew lag net en sê: 'Nee, by ons word die Christene nie vervolg nie.'

'Is daar dan in julle land glad nie Christene in die tronk nie?', vra hy ongelowig. 'Nee, niemand nie', was die antwoord.

'Waarom nie?', wou die predikant weet.

'Omdat daar godsdiensvryheid in ons land is', antwoord Andrew.

'Nou wat maak julle met 2 Timotheus 3:12 dan, wat sê: En almal wat godsvrugtig lewe in Christus Jesus, sal vervolg word? Wat doen julle met hierdie teks?'

Nou ja, wat doen ons met hierdie teks? Heel moontlik verwerp ons hierdie verse omdat hulle nie in ons program inpas nie. Óf ons sê: 'Dis nie vir ons nie – dis sommer net 'n bangmaak-storie'.

In Soweto, Johannesburg speel die volgende drama af.

Benjamin Dube was 'n evangelis wat in die strate van Soweto geleef het en andere vertel het van sy liefde vir Jesus Christus. Sy boodskap was dat Swart en Wit mekaar moet liefhê en vergewe. Hy is kort-kort gedreig met die dood.

Sy eie volk het na hom toe gekom en hom beveel om nie meer oor liefde of Jesus te praat nie. Naasteliefde was vir hulle vreemd en bedreigend. Godsdiens was uit. Benjamin het egter sonder vrees net voortgegaan.

Een nag droom hy dat hy deur sy eie volksgenote doodgesteek word. Hy word wakker en maak sy vrou Grace ook wakker. Hy sê vir haar: 'Grace, ek glo dat hierdie droom bewaarheid sal word.'

Ons sal moet besluit of ons deurgaan en ly, of ophou om aan God gehoorsaam te wees’.

Die volgende oggend het hy met sy kinders oor die droom gepraat. ‘Moet ek voortgaan met die boodskap van die evangelie?’ vra hy sy kinders. Al vier het geknik, hoewel hulle terdeë bewus was van die gevolge om godsvrugtig te lewe.

In die middel van Soweto word sy motor deur tien mans aangehou. Hulle sleep hom uit die motor uit en steek hom sestien keer in die bors met messe. Die kinders het gevlug en die twaalfjarige Bonani kruip agter ‘n vuilgoedblik weg. Hy sien hoe sy pa weer en weer gesteeek word maar besef dat hy nie kan help nie.

Die moordenaars gryp Benjamin se Bybel en doop dit in sy bloed. Daarna verdwyn hulle in ‘n donker systraatjie. Bonani hardloop na sy pa toe, maar hy was reeds dood. Hy hardloop huistoe om vir sy familie alles te vertel. Hy gaan sit in sy kamer op die bed en neem sy Bybel. Hy lees die woorde van Jesus aan die kruis: ‘Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie’.

Liewe mense: Dis die prys wat soms betaal moet word. Die keuse hoe ek en jy ten spyte van veroordeling gaan leef, moet elke dag uitgeoefen word.

U weet: Ons is baie goed met die verklaring van verse wat gaan oor gebooie en voorwaardes. Jy hoor: ‘Gebooie was maar net vir Israel. Dit geld nie meer vir ons nie, want ons leef nie meer onder die gebod nie, maar onder die genade’. Regtig?

Ons kan nie maar net ons eie ding doen nie.

Die Woord gee aan ons baie duidelik die beloftes sowel as die voorwaardes. Die meeste beloftes word aan voorwaardes gebind.

Kyk mooi na die volgende: ***Eksodus 20:12;***

‘Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here God aan jou gee’.

### ***Filippense 3:10;***

Die belofte: 'Sodat ek Hom (Jesus) kan ken en die krag van Sy opstanding.' Dan die voorwaarde: 'en die gemeenskap aan Sy lyde..'

Ons is altyd so geneig om die beloftes te onderstreep in die Bybel, maar selde die voorwaardes daarvan.

Die Bybel is duidelik genoeg: Die beloftes van God is alleen ja en amen, as ons aan die voorwaardes voldoen.

As jy 'n oorwinnaar genoem wil word, sal jy eers die stryd moet aanvaar. Sonder stryd is daar geen oorwinning nie.

### ***2 Kronieke 7:14;***

Voorwaarde: 'As my volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë...'

Belofte: 'Dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees'. Die betekenis is duidelik. Die oordeel van God kan afgewend word. Dit hang van die volk af.

### ***2 Timotheus 4:7 en 8;*** Paulus wat vir ons sê:

'Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid.'

'Ek het die geloof behou..'

As Christus oor Sy wederkoms praat, dan vra hy: 'As die Seun van die mens kom, sal Hy dié geloof op die aarde vind?'

Die vraag is aan ons vanoggend: Sal Christus daardie geloof in elkeen van ons kry?

Ek praat 'n tyd gelede met 'n jongman wat as skoolseun werklik die Here gedien het. Hy is universiteit toe. Ek sien hom toe hy vir vakansie huistoe kom. Ek vra: 'Wat was die koshuis se reaksie op

jou geestelike getuigenis?’ Hy antwoord: ‘Daar was geen reaksie nie, oom. Hulle het nie eers geweet dat ek `n Christen is nie!’

Tydens die oorlog in Viëtnam het al die sendelinge bymekaar gekom om planne te maak hoe om Viëtnam te evangeliseer. Om hulle was daar alreeds soldate en kanonne te sien. Hulle het op die konferensie planne gemaak hoe om die kerk te vestig en het `n goeie tienjaar-plan uitgewerk.

Niemand het eers daaraan gedink dat Viëtnam miskien binne tien jaar sou kon val nie. Hulle was vas oortuig dat die land oop sou bly vir sendingwerk. Wat het gebeur? Viëtnam het wel geval.

Nie tien jaar later nie, maar tien dae na die konferensie!

Die sendelinge het hoegenaamd geen insig in die nood van hulle tyd gehad nie. Tien dae later het hulle die land uitgevlug.

Die kerk het agtergebly – onvoorbereid.

Ja, daar is hoop. Vir die kerk en vir ons land.

Jesus het gesê: ‘Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie’.

Hier en daar word van die stryd, verdrukking en vervolging gepraat. Dit sal die gemeente van God nie gespaar bly nie.

Maar die uitkoms is verseker. Niks sal ons kan skei van die liefde van God nie. Dis die hoop en die geloof vir die gemeente.

Is daar hoop vir ons land? Ja.

Die ellende sal oor elke land kom, tensy die volk van God, die kerk, tot bekering kom. Dit hang van die volk van God af.

Dit gaan nie hier in die eerste plek oor die goddelose wat tot bekering moet kom nie, maar oor die volk van God. Dis al hoe ons land gered gaan word. Die toekomst van ons land hang nie af van die aantal sondaars nie, maar van die aantal regverdiges.

Ons sien dit duidelik in die gebeurtenisse rondom Sodom en Gomorra. Die oordeel het gekom omdat daar `n tekort aan regverdiges was. Abraham het gepleit en gesê: ‘Miskien is daar

vyftig regverdiges binne-in die stad. Sal U hulle ombring en die plek nie spaar ter wille van die regverdiges daarin nie?’

Wat antwoord God? ‘As Ek in Sodom vyftig regverdiges vind binne-in die stad, dan sal Ek DIE HELE PLEK SPAAR OM HULLE ONTWIL’. Maar, daar was nie!

So is dit ook met ons land. God se volk is verantwoordelik. Sy gemeente sal die bepalende faktor wees tydens die oordeel wat wêreldwyd gaan kom. Terwyl die Christene vir die goddelose moet oproep tot bekering, roep God die Christene op tot inkeer en berou. Dan sal God die hele plek vergewe om hulle ontwil. Sal die oordeel vir ons land en volk veroordeling beteken? Dit hang van u en my af.

Hoe gaan ons die volgende geslag voorberei hierop?

***Spreuke 22:6;***

‘Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie’.

Ons is so geneig om te dink dat as dinge nie goed gaan in ons lewens en daar is teleurstelling op teleurstelling dat dit maar die lewe is. In `n manier is dit die waarheid, maar God sê ook in

***Spreuke 16:9;***

‘Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die HERE rig sy voetstappe’.

Of hierdie plan van God in almal se lewens werk, hang af van die verhouding wat jy met Jesus Christus het. Is dit `n intieme, naby verhouding? Hoe sien jy die doel van jou lewe?

In watter omstandighede bevind jy jouself tans?

Kan jy daar uitkom en daarvan verlos word of nie?

Die oomblik dat jy doelbewus jou lewe in `n rigting stuur, bepaal alles wat daarna gaan gebeur. Daar is `n krisis in jou lewe as jyself jou eie wil laat kies. Wat kies jy?

Goed of sleg. Jy kan liefhê óf jy kan haat.  
Jy kan kies om te verstaan of nie te verstaan nie.  
Die keuse van jou eie wil kan die grootste krag wees in die lewe van 'n jong bekeerling, maar, die wil om nie gehoorsaam te wees nie, kan die grootste krag wees wat jou vernietig.

Kinders wat opgroei mag nooit verwyder wees van liefde nie.  
Die kwaliteit liefde wat hulle ontvang, gaan later bepaal in watter rigting hy sy wil gaan stuur.

Ouers, weet jy wanneer jou kind onseker voel?

Weet jy of sy bang is, of spot jy haar ook daarvoor?

Al hierdie dinge maak dat ons weer moet begin dink daarvoor.

Dink jy die wêreld is bekommerd oor 'n dertien-jarige seun wat alleen is en swaarkry? Ongelukkig nie.

Ek glo dat een van die grootste probleme vandag is dat daar kinders, jong mense sit in die kerk, wat nie wedergebore is nie.  
Niemand het nog ooit met hulle oor Jesus gepraat nie – Jesus die Verlosser, die liefdevolle Een.

.....

## **VERSTAAN ONS GOD SE PLAN?**

Daar is aan ons al soveel drome en profetiese woorde gegee.  
Maar, ons voel soms asof ons hierdie planne in ons lewe mis.  
Die waarheid is egter dat ons nooit enige droom wat God ooit aan ons gegee het, moet verloor nie.

Ek het agtergekom dat ek nooit altyd hierdie drome hoef te verstaan nie, solank as wat ek weet dis van God af. Ons moet besef dat as alles nie altyd duidelik is nie, dit nog altyd van God af kan wees. Ons moet God vertrou vir die mees ontmoontlike wat Hy vir ons wil doen. Dis wanneer ons 'n sprong in geloof moet neem.



Soos wat ons groei in die lewe kom die vraag altyd op: 'Wat moet ek regtig hier op aarde kom doen?' Dan volg die vrae:

'Wat is U plan met my lewe, Here?'

'Wat maak my belangrik vir U, Here?'

'Gee U regtig genoeg vir my om dat U betrokke wil raak in my lewe?'

Die eenvoudige rede dat Hy Sy Asem – Sy Heilige Gees, in ons geplaas het, beteken dat Hy ons sien as spesiaal. Heilige Gees is die lewe. Jy en ek hét 'n doel. Die doel vir ons is dat ons Hom wat ons gemaak het moet verheerlik en dat Hy wil hê ons moet ons doel bereik.

Die droom wat God jou gee is gewoonlik groter as die prentjie wat jy sien in jou gedagtes. Moet nooit twyfel nie. Met tyd sal God alles duidelik maak. Terwyl jy in die fase is om te verander, verstaan jy gewoonlik nie wat God besig is om te doen nie.

God kan soms net vir jou 'n klein deeltjie wys van Sy groot plan. Dis gewoonlik genoeg om jou te inspireer en jou in die regte rigting te begin beweeg. God kom praat met Samuel toe hy nog baie jonk was. Samuel dink eers dat dit Eli is wat hom roep, want Eli se stem was die enigste waaraan Samuel gewoond was.

Dis ons probleem vandag nog – veral in die begin. Ons het 'n 'Eli-wêreld' waarin ons beweeg en ons verwag dat ons drome en woorde bepaal sal word vanuit hierdie wêreld waaraan ons gewoond is. Samuel was gewoond aan Eli en hy moes leer dat God 'n ander manier het om met hom te kommunikeer. Die 'Eli-wêreld' ken nie die groter prentjie in jou lewe nie. Dis beperk. Eli het dit besef dat dit God was wat praat en hy kon Samuel leer hoe om te luister na hierdie nuwe stem.

Eli was 'n priester en 'n man van God, maar selfs hy kon nie sien wat die roeping op Samuel se lewe was nie.

Ons moet dankbaar wees vir hulle wat oor ons aangestel is om ons te lei, maar ons moet weet dat hulle nie namens ons God kan hoor nie. Jou droom sal nooit net deur 'n ander mens kom nie. God is altyd gereed om Sy droom oor jou lewe met jou te deel, maar dis altyd persoonlik. Dit moet so wees. Dis tussen jou en Hom. Moet nie glo dat jou toekoms afhang van die woorde van mense nie.

Hoe werk dit?

God se plan vir jou lewe is soos 'n hoë-verdieping gebou. Jy moet hierdie gebou bou. Die doel is dat jy moet bou tot op die hoogste vloer. Dís waar jy moet woon. Jy moet net eers die fondasie bou. Daarna die eerste vloer en so aan. Om tot heelbo te bou gaan soms stadig wees en baie geloof vereis. Elke verdieping is belangrik. Jy kan nie by een van hulle verbygaan nie. Soos tyd aangaan begin Sy plan al hoe duideliker word. Laat Heilige Gees die grondwerk begin doen in jou lewe. Moet nooit 'n dag as verlore beskou nie. Alles het betekenis.

Om by die punt uit te kom waar ons God se tydtafel verstaan is nie altyd moontlik nie. Net geloof sal jou daar kry. God mag aan jou sekere beloftes gee, maar op die einde sal alles in vervulling kom. Maar, elke keer as jy dink alles vorder nou mooi, kom daar 'n nuwe terugslag. Sy weë is duidelik nie ons s'n nie!

***Jesaja 55:8-9;***

'Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.

Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes'.

God gee aan ons 'n seisoen om in te leef. Hy wil seker maak dat alles wat jy moet doen, hierin moet pas. Al wat ons moet weet is dat God getrou is. Dus moet ons sterk wees en aangaan.

God se wil in ons lewens is soms soos 'n legkaart wat gebou moet word. Ek het as kind en ook met my eie kinders ure aan legkaarte gebou. Tydens vakansies was daar 'n groot legkaart op die tafel. Die begin was altyd die moeilikste. Niks het gepas nie!

Soos die dae aangaan sal elkeen van die familie daar vir 'n rukkie gaan sit, om verder te soek en te bou. So het ons almal saam gewerk en was die blydschap groot as alles voltooi is.

Met die legkaart van jou eie lewe gaan dit net so.

As jy 'n legkaart wil begin bou is dit so belangrik dat jy eers vir lank moet sit en kyk na die prentjie voor op die kartonhouer. Frustrasie gaan kom en gaan.

As jy sukkel beteken dit dat jy moet weer gaan sit en kyk na die oorspronklike prentjie wat jy ontvang het. Hou aan kyk daarna.

Hierdie prentjie in jou gedagtes moet jou inspirasie word.

Kyk mooi na elke stukkie in jou hand – dit pas êrens.

As jy aanhou bou gaan 'n deel van dié prentjie vir jou duidelik word en gaan jy dit begin herken.

Ek glo dat elke deel van die prentjie wat jy nou begin sien vir jou satisfaksie gaan gee. Dit gaan jou geloof bou en jou net meer vasberade maak.

Weet dat jou inspirasie lê nie in die honderde stukkies wat op die tafel lê nie. As jy aanhou kyk daarna, sal jy mismoedig word.

Hou liewers die prentjie dop wat besig is om te ontvou.

Ek glo dat daar 'n direkte verband is tussen die prentjie op die karton en die droom wat God jou gegee het. Daardie droom en belofte moet voortdurend jou inspirasie wees. Daar kom tye waar jy slegs na die prentjie moet kyk, want dis soms al wat jy van jou toekoms sien. Dis jou droom!

Daarom is profetiese woorde, 'n werklike droom en jou eie goddelike droom oor jou toekoms, iets wat jy nooit moet ignoreer

nie. As jy die waarde daarvan laat vaar, gaan jy so maklik die spoor verloor. Laat jou beloftes en visies en drome altyd vir jou 'n verwysing wees van dinge wat nog moet kom. Seisoene gaan kom en gaan in jou lewe, maar die prent op die karton sal altyd met jou wees. Hierdie droom is God self.

Hier is God besig om deur jou te droom oor die toekoms!

Jy weet, die dag toe jy die legkaart gaan koop het, het jy geglo dat al die stukkies is daar binne. Jy het nooit eers vir 'n oomblik getwyfel dat dit nie so is nie! Hoeveel te meer sal God nie omsien daarna dat al die stukkies van jou prentjie volledig is nie.

In jou lewe, op die regte tyd, sal God sekere deeltjies bymekaar bring. Dis wanneer jy begin besef dat God soms werklik sin maak. Hy wil dit beleef wanneer jy in verbasing staan en kyk na al die goed wat met jou gebeur het. Dis die tye van blydschap van God – Hy is bly oor my en jou!

Ons het in die begin gepraat oor hierdie gebou wat jy moet bou. Niks sal in jou lewe gebeur sonder dat daar 'n doel is nie. Jy mag dalk nie hou van waar jy nou is nie, maar hou goeie moed. Die prentjie gaan duideliker word. Elke los stukkie van die legkaart gaan aan die einde wel sy regte plekkie kry. Dit gaan nie net jou verbaas nie, maar baie ander ook.

Hou nou net een ding in gedagte:

Jou lewe is nie net 'n gewone legkaart wat jy êrens in 'n winkel koop nie. Jou lewe en legkaart is gekoop met die Bloed van Jesus Christus. Hy wil jou seën met 'n lang lewe, veral as jy Sy droom volg. God het 'n begeerte om Sy heerlijkheid deur jou te laat skyn. Hy sal die prentjie in jou voltooi, nie net omdat Hy dit graag so wil hê nie, maar dat dit vir jouself ook plesier kan gee.

Jy weet, klein seuntjies wil altyd graag iets wees eendag: 'n polisieman, 'n brandweerman, 'Spiderman' of 'n wildbewaarder.

Hy is nog niks as hy dit wens nie, maar dis sy droom.  
Kyk as kinders speel hoeveel na-aap hulle ander mense.  
Iets of iemand wat hul ook graag wil wees as hulle groot is!  
Soms kyk hulle Heidi en Peter soveel keer, hulle ken later die  
woorde uit hulle kop uit. En, hulle kan nog nie eers lees nie!  
`n Gewone droomwêreld moet ons nooit van hulle weghou nie.

Normale drome is gewoonlik `n `ek-voel-goed-sensasie`.  
Maar, Goddelike drome het `n profetiese substansie in hulle en die  
oomblik as jy wakker word, lewe die droom voort in jou. As daar  
so `n God-droom na jou kant toe kom, sal dit jou nooit weer  
verlaat nie. Onthou die Skrif: As God aan jou `n droom gee, sal  
dit uitgaan en doen waarvoor dit oorspronklik gegee is.

In my eie lewe het ek ook hierdie pad self geloop.  
Ek kan vandag vir jou sê dat die prentjie in my, en my droom in  
my gees, besig is om bymekaar uit te kom. As jy soggens  
opstaan en dink dis net nog `n dag waarin God nie sin gaan maak  
nie, wil ek net vir jou sê: Hou aan vorentoe beweeg.

Die roeping op jou lewe lyk dalk nie elke dag so mooi nie, maar  
dit sal jou na hoogtes toe neem waar natuurlike talent en om net  
mooi te lyk, jou nie kan vat nie.

Daar gaan altyd iets in jou wees wat sekere dinge gaan aantrek  
en sekere dinge gaan wegstoot.  
Heilige Gees in jou gaan dit bepaal.  
Omdat Heilige Gees in jou is, sal die Gees getuig as Hy is  
aanraking kom met dieselfde Gees. Daarom die Woord: Die gees  
in my en die gees in jou getuig saam dat ons kinders van God is.  
Jy sal net gemaklik wees met sekere mense en sekere  
omstandighede. Wees dan net rustig en gaan aan.

Wat gebeur as iemand of iets naby jou kom en jy voel jou gees  
bots daarmee? Die grootste rede is dat dit `n opponerende gees

is. Daardie gees getuig nie saam met jou gees nie. Jy moet weet dat jy met so iemand kan gesels of selfs mee werk, maar daar is maar altyd iets wat hinder. Dis Heilige Gees wat jou waarsku.

Al wat Hy sê is: 'Wees versigtig'.

Dis soos die 'Haka' in Nieu-Seeland rugby. Dit word deur moontlike Christene gedoen, maar iets bots in my as hulle dit doen.

Hierdie gebeur defnitief met mense wat jy ontmoet, wat nie Christene is nie, maar, dit gebeur ook vereker in jou kerk. Iets in hulle kan defnitief met jou bots.

Wees bedag daarop dat jy moet weet dat selfs die mees pragtigste hoender nie kan vlieg soos 'n arend nie.

Nou gaan op jou pad vorentoe en laat toe dat Heilige Gees jou lei. Dan sal ons baie minder foute maak.

.....

## **LAAT LIEFDE ONS LEI**

Die oomblik dat ons van liefde praat, praat ons ook oor verhoudings. Liefde is die één ding wat gebroke verhoudings weer herstel. Ons het deur die jare in gebreke gebly om werklik te kyk dat ons verhoudings presies is wat God van ons verwag. Liefde bly 'n keuse wat ons moet maak. Dit is nie net altyd vanself daar nie.

As 'n mens kyk na volkere en na ander godsdienste dan is dit tog opmerklik dat liefde 'n natuurlike ding is. Selfs heidene en afgods-dienaars kan lief hê.

Wat van ons verhoudings?

Eerstens is daar ons verhouding met God – met Jesus Christus.

God het dit baie duidelik gemaak dat Hy verwag ons Hom moet

liefhê bo alles. Volgens God is dit waar alles begin. Die res al later bygevoeg word.

Tweedens die liefde vir ons naaste. Ek wil net graag een ding hier sê. Liefde vir jou naaste kan werklik liefde wees. Maar, dit beteken eintlik soms net aanvaarding. Ek mag hom nie teenstaan en haat nie, maar, ek hoef in geen werklike verhouding met hom te staan nie, solank as wat my gesindheid reg is. Weet dat God hier jou hart sal beproef.

Wat moet jy doen as 'n medemens bots met jou gees?

My enigste raad is om weg te kyk en aan te gaan asof hy nie regtig bestaan nie. Niks kan jou dwing om meer as dit te doen nie. Wees net seker wat jou gesindheid is.

Derdens: Aanvaar jousef net soos wat jy is. Maak klaar met die verlede en met ou verbreekte verhoudings en gaan aan.

Vergewe almal en moet net nooit loop en skuldig voel nie. Dis nie van God af nie.

Deur die Woord van God die standaard van jou lewe te maak, plaas jy God waar Hy behoort. Om Sy Woord uit te leef, is om lief te hê. Ons is almal seuns en dogters van liefde. Daarom, laat ons optree in liefde. Laat ons die lig van liefde volg in ons lewens. Hierdie is werklik die tyd waarin jy jou medemens moet liefhê soos jousef.

Neem nou die man wat saam met jou werk: Hy mag jou vyand wees, jou vriend of iemand wat nie dieselfde oor geloof voel soos jy nie. Wees lief vir almal.

Wat gaan dit jou baat om hom teen te staan.

Alles wat ons doen sonder liefde, gaan buitendien niks help nie.

`n Persoon wat nie kan liefhê nie, kan ook nie vergewe nie.

`n Persoon wat nie kan vergewe, kan ook nie vergeet nie.

`n Persoon wat nie kan vergewe nie, sukkel om die volheid van God se genade en guns in sy lewe te ontvang.

Dis die rede waarom daar so baie mense geestelik swaarkry op aarde. Ek sê aan julle hierdie dinge omdat ek kan sien dat liefde verlore gegaan het in ons samelewing vandag.

Soveel mense by die werk, by die skool en by politieke organisasies behoort aan verskillende gelowe en denominasies en kerke.

Tog gaan ons saam skool toe, eet ons saam, beplan ons saam en werk ons saam, maar die oomblik dat elkeen na ons onderskeie kerke toe gaan, dan verdoem en kritiseer ons mekaar!

Waarom? Dis tog skynheiligheid!

Ons moet bekend wees vir ons liefde – ongeag geloof of ras of waar ons is.

- Liefde gaan verder as haat – dit beteken, al word ons gehaat, moet ons lief hê;
- Liefde gaan verder as intimidasie – dit beteken, al word ons geïntimideer, moet ons lief hê;
- Liefde gaan verder as jaloesie – dit beteken, al is hulle jaloers op ons, moet ons lief hê;
- Liefde gaan verder as vervolging – dit beteken, al vervolg hulle ons, moet ons lief hê;
- Liefde gaan verder as kritiek – dit beteken, al kritiseer hulle ons en staan ons teë, moet ons lief hê.

Dis vandag jou en my grootste toets. Is dit altyd maklik? Nee!

Ons moet `n keuse maak: **1 Korinthiërs 13** sê:

- Liefde is geduldig, dit druk homself nie uit in woede nie;
- Liefde is nederig, dit druk homself nie uit in arrogansie nie;



- Liefde is hoop; dit druk homself nie uit in selfbejammering of wanhoop nie;
- Liefde is goedheid, dit druk homself nie uit in boosheid nie.

Gister was ek my broer se vriend, maar vandag is ek my broer se verwoester.

Gister het jou buurman opgestaan en hy was jou vriend, maar vandag is julle vreemdelinge oor politieke redes en godsdienstige en kultuur-redes.

Daarom, in plaas van om ons samelewing en ander mense te kritiseer, laat ons doen wat goed is, en verander die sleg wat ons sien. Laat ons in die lig van liefde loop.

Wat is die doel dan van steel, roof en verwoes vandag?

Dit is net om bymekaar te maak en in te palm, om vir ons en ons families skatte bymekaar te maak – dis hoekom jy steel.

Maar ons families en kinders wat ons nou hierdie skatte gee, wat word van hulle? Onthou: Die deler is net so skuldig as die steler!

Wat kan iemand regkry met gesteelde goed, of met goed wat hy op 'n verkeerde manier bekom het? Grootheid en sukses? Nee.

Vrede en gemak? Nee, al dink hulle so.

Die wêreld verstaan nie dat geen erfgenaam van jou iets gaan bereik met gesteelde goed nie – nooit nie.

As jy gesteelde goed erf, sal jy onder 'n gesteelde toekoms lewe.

**Onthou:**

- Wat van God af kom, gaan terug na God.
- Wat van die waarheid af kom, gaan terug na die waarheid toe.
- Wat van gesteelde goed kom, gaan terug na diefstal.
- Wat kom van verwoesting, gaan terug na verwoesting.
- As jy in woede en geveg lewe, sal jy sterf in woede en in 'n geveg.

Ons leiers in die regering, by die skool, by die kerk: Hoe is hulle gekies? Was dit werklik die keuse van die mense, of was dit ook 'n gesteelde mandaat?

Hulle wat ons pyn gister en vandag veroorsaak, kan nie ons toekoms se potensiaal beheer nie.

Niks gebeur vanself nie, daar is altyd 'n keuse betrokke.

Soos wat ons aangaan in die lewe, moet ons al hoe meer duidelik sien en weet waarheen ons op pad is. Dit moet waar wees in die lewe van elke gelowige – ongeag sy omstandighede.

As dit nie besig is om te gebeur in jou lewe nie, het jy êrens 'n afdraaipad gemis. Onthou: In die Here draai die verkeerde pad nooit vanself na die regte pad toe nie. As jy 'n afdraaipad gemis het, is die enigste ding wat jy moet doen om terug te gaan waar jy dit gemis het, om dan weer op die regte pad te kom.

Wat het oor jare bewys wat mense se geaardhede is?

Wat iemand anders doen, dit wil ons ook doen.

In ons kleredrag en hoe ons lyk en in ons tradisies.

As jy iemand sien wat haar hare op 'n nuwe manier gesny het, is dit die volgende ding wat jy gaan doen. As iemand 'n nuwe ongesonde hoëhakskoen dra, gaan jy vir geld soek om presies dieselfde skoene te koop. Of hulle ongesond is vir jou, dink jy nie eers oor nie!

As mense 'n nuwe kerk sien, is dit die struktuur wat hulle nou ook wil opsit. Hulle doen dit sonder om eers vir God te vra watter soort kerk Hy beplan het. Dis baie keer hoekom die Gees van God nie in sekere plekke is nie. Hy kan nie in en deur ons werk as ons optree in tradisie en na-aapery nie!

Baie keer hoor jy mense in die kerk sê: Ons is so geleer om te preek en te bid – en jy hier doen dit verkeerd. Ons het altyd so en so gemaak. Ons moet van hierdie gees verlos word. Dit bind nie net jouself nie, maar dit plaas soveel druk op mense wat net wil doen wat hulle voel God nou wil doen.

Dis so belangrik om te besef dat God 'n nuwe ding wil doen. Dis waarom Hy sê: 'Vernuwe julle gedagtes'. Ons moet direk by God hoor wat Hy wil doen en hoe Hy wil maak. Jesus self is gelei deur Heilige Gees, nie deur 'n kalender nie. Mense, as ons aanhou vashou aan die gebruike van die verlede net omdat hulle aan ons bekend is, sal ons nooit iets nuuts kan belewe nie. Daar is geen nuwe ding wat ons God wil toelaat om te doen nie, want al wat ons doen is om onself net aanhoudend te herhaal.

Ek hoor nou die dag in 'n kerk waar die predikant sê: 'Kom ek stel jou voor aan iemand. Ek is sy geestelike vader'. Onthou: Net God is die geestelike Vader. Ons almal werk daaraan om perfek te wees – al is niemand nog perfek nie. Ek kan hier staan voor jou vandag, alleenlik omdat ek voel dat die sterkte in my, groter is as my swakhede nie. Nee! Die evangelie bring altyd weer herstel. Dis hoekom ons sien dat vyandigheid verwyder kan word, en vyande weer vriende kan word.

Deur God se genade sien ons in die Bybel:

- \* 'n Slaaf kan 'n leier word.
- \* 'n Skaapwagter kan 'n koning word.
- \* 'n Moordenaar kan die bevryder van sy volk word.
- \* 'n Generasie van slange kan die saad van die heiliges word.

Aan Sy krag is daar geen einde nie.

As 'n Christen moet jou omstandighede nie jou verhouding met God affekteer nie. Moet nie dat jou situasie jou mislei nie. As jy jou slegte tye mooi hanteer, sal hulle omskakel in goeie tye.

Die opening van jou oë van geloof, sal die einde van jou vrees wees. Wat agter jou lê en wat voor jou lê, is maar net iets kleins in verhouding met wat in ons lê.

Die beloftes van God in jou lewe, is die uitdrukking van Sy wil in jou.

Hoe meer ons aan God se beloftes vashou, hoe meer verheerlik ons Hom. Glo en tree op asof dit onmoontlik is om te verloor.

.....

## **IS GOD IN MY STORMS?**

Wat gebeur met ons as daar 'n storm in ons lewens broei en dit lyk asof God nêrens te vinde is nie?

Kom ons kyk wat gebeur met Jesus se dissipels toe hulle alleen op see in 'n storm was.

Jesus het die massa mense gevoed met die broodjies en visse van 'n seuntjie. Die mense het dit gesien as 'n wonderwerk en Jesus gesien as dié profeet wat in die wêreld sou kom. Jesus het geweet hulle wil Hom gryp en koning maak. Hy het dadelik alleen berg toe gegaan en Sy dissipels het die middag laat in hulle skuit geklim en oorgevaar Kapérnaüm toe, sonder Hom.

### ***Johannes 6:15-18;***

'En toe Jesus merk dat hulle wou kom en Hom met geweld neem om Hom koning te maak, het Hy weer weggegaan na die berg, Hy alleen. En toe dit aand geword het, het sy dissipels afgegaan na die see toe. En nadat hulle in die skuit geklim het, het hulle oor die see gevaar na Kapérnaüm; en dit was al donker, en Jesus het

nog nie by hulle gekom nie. En die see was onstuimig, omdat 'n sterk wind gewaai het'.

Daar kan twee soorte storms in jou lewe wees. Net soos die dissipels het ons almal al natuurlike storms beleef. Ons was meestal heel moontlik veilig in ons huise terwyl die storm gewoed het. Maar, hierdie dag was dit anders.

Almal van ons het al persoonlike storms beleef. Storms in jou eie lewe. Ons weet dat hierdie soort storm net so intens en vernietigend kan wees as natuurlike storms. Ons weet ook dat die regering nie 'n noodtoestand sal uitroep vir die storm in ons eie lewens nie!

### ***Jeremia 1:8;***

'Wees vir hulle nie bevrees nie want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here'.

Ek glo dat baie van ons sukkel vandag met angstigheid, vrees, bekommernisse en selfs borskaspyne. Die rede is moontlik omdat ons vir oplossings soek op verkeerde plekke.

Baie van ons plaas soveel druk op ons mans, ons vrouens en selfs op ons kinders, omdat ons 'n tipe van bevryding van hulle wil kry, en nie van God af nie.

Die gevoel dat die mat onder jou voete uitgepluk word, ken ons. Alles waarvoor jy gewerk het, voor gehoop het en op vertrou het, val uitmekaar, sonder 'n werklike rede. Die Here het ons gewaarsku dat hierdie tye sal kom, maar ons wou dit nie regtig aanvaar nie.

Onthou, jy is nooit alleen nie.

Die dissipels was daardie nag alleen op see in 'n storm. Hulle moes roei teen die golwe wat veroorsaak is deur die sterk wind. Dit was ook nag – wat dinge baie erger gemaak het. Donkerte vererger altyd jou storm.

Het jy al ooit 'n storm beleef in jou lewe waar dit voel: Hoe meer ek bid, hoe verder weg voel God, en hoe donkerder word dit. Jy het ook geroei en geroei, maar dit het gevoel jy gaan nie vorentoe nie.

Jy het ook gevoel asof jy in die middel van die oseaan is, in die donker van die nag. Die ergste was dat jy gevoel het jy hoor nie God se stem nie en voel ook nie Sy teenwoordigheid nie. Dis tog moeilik om te verstaan hoe ons, as gereddes, in hierdie tye hulpeloos en verward kan wees. Dis tye wanneer ons voel ons wil opgee. Dan het ons nog Satan ook wat die hele tyd vir ons sê: 'God gaan nie hierdie keer kom vir jou nie. God het jou gelos!' Dis wanneer sake nog moeiliker word.

Het jy al ooit in die nag geroep: 'God, het U my vergeet?'. Jy weet dis nie die waarheid nie, maar al jou geroep het op dowe ore geval. Die hemel het stil geword vir jou. Ek glo die dissipels het gewens dat Jesus saam met hulle in die skuit was.

### ***Johannes 6: 19-21;***

'En toe hulle omtrent drie of vier myl geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom; en hulle het bang geword. Maar Hy sê vir hulle: Dit is Ek, moenie vrees nie. Toe was hulle gewillig om Hom in die skuit te neem, en dadelik het die skuit by die land aangekom waar hulle na toe gegaan het'.

Die dissipels het gedink hulle was alleen, Jesus het dan op die berg agtergebly. Nou, skielik hier is Hy, besig om op die see te loop! Hulle was ver van land af – drie of vier myl. Hy het al die tyd na hulle gekyk. Al die tyd 'n wakende oog oor hulle gehou.

Wat is ons belofte? As 'n Christen is Jesus nooit ver van jou af nie, want Hy is dan ook in jou! Hy het belowe om jou nooit te los of te verlaat nie. Die belangrike ding is net dat Hy in jou moet wees. Die oomblik dat Hy in die skuit klim van jou lewe sal dit

ook wees soos hier: 'En dadelik het die skuit by die land aangekom, omdat Hy ingeklim het'.

### **Wat moet ek nou doen?**

Moet nooit 'n lewensveranderende besluit neem terwyl jy in die storm is nie. Wag eers totdat alles om jou weer stil is voor jy besluite neem. Ek het al mense besluite sien neem, waaroor hulle later baie spyt was. Moet nie dinge probeer verander as jy bang of kwaad is nie. Moet nie dinge sommer net in jou eie hande neem nie, want later kom jy agter dit was verkeerd.

Om oorhaastig op te tree is soos nat modder wat op jou gegooi is. Wag nou geduldig totdat die modder droog is, dan borsel dit maklik af. As jy nat modder probeer afkry, bemors jy net jouself.

Ek glo glad nie dat God storms oor jou lewe stuur om jou te toets nie. Hy sal ook nooit slegte dinge met jou laat gebeur nie.

Ons moet egter besef dat God sekere storms in jou lewe toelaat, veral as jy verkeerde keuses gemaak het en gewoonte-sonde nie wil laat staan nie, terwyl jy weet dis verkeerd. Hy wil jou leer om onder alle omstandighede aan Hom vas te hou.

Die Bybel leer ons dat dit die dief is wat kom om te steel, te slag en te verwoes. Maar, dis in tye van beproewing wat ons God se getrouheid sien, want Hy is vir ons, nie teen ons nie.

Dit laat my dink aan 'n verhaal:

Daar was 'n jong seuntjie wat in die middel van die nag sy ouers gaan wakkermaak het. Hy het bang geword in sy kamer en wou by pappa en mamma gaan inkruip. Sy pa sê toe vir hom: 'Seun, gaan terug kamer toe. Jy is nie alleen nie, Jesus is daar by jou in jou kamer'. Die seuntjie sê na 'n oomblik: 'Ek het 'n plan. Kom ons ruil kamers. Pappa gaan slaap jy dan in my kamer by Jesus, en ek sal hier by mamma slaap'.

Die dissipels was bang daardie nag, maar Jesus was nader as wat hulle gedink het. In ons lewens vandag: Hou op om te roei en te roei teen die stroom van toetsing. Staan liewers stil en aanskou die verlossing van die Here. (Eksodus 14:13)

Hou op om te sukkel met die 'hoekom het dit gebeur' in my lewe en konsentreer en fokus op die oorwinning.

### **Hoe om God te hoor in jou storm:**

Hou op fokus op materiële dinge vir jou beskerming, vir jou sekuri-teit en vir jou eie begeertes. Hoe boser die wêreld word, hoe meer moet ons vashou aan die Woord van God. Nou meer as ooit tevore.

Dawid skryf vir ons wat hy gedoen het in beproewing: Psalm 46:10. Hier sê die Here: 'Laat staan, wees stil en weet dat Ek God is'. Hierdie is tye waar ons moet stilstaan en weet dat God, God is. Ons moet stil raak sodat ons weer God se stem kan hoor, veral as iets ons bedreig en by ons lewens wil kom steel.

Dis wat ons moet doen. Ons moet nooit iets sê as ons dit nie bedoel nie. Ons moet nooit ophou om regverdig te wees en dit uit te gee nie, al ontvang ons dit nie self nie.

### **Hoe werk dit prakties?**

Die verhaal word vertel van 'n man wat sy baie duur horlosie verloor het terwyl hy in 'n toe stoor met hooi gewerk het. Die man en ander het gesoek en gesoek, en niks gevind nie. 'n Jong seun het buite gestaan en na alles geluister. Hy het almal uitgejaag en alleen ingegaan. Na 'n kort tydjie kom hy uit met die horlosie!

Almal was verbaas en wou weet hoe het hy dit gekry. Die seun sê: Ek het die deur toegemaak en gaan lê op die hooi en doodstil geraak. Na 'n rukkie het ek die horlosie hoor tik.

Hoor wat sê hy: 'Ek het eintlik nie die horlosie gekry nie, hy het my gekry'.



Om 'n verskil te maak in iemand se lewe hoef jy nie slim of ryk of mooi te wees nie. Jy moet net daar wees as hulle jou nodig het. As ons vandag wil oorleef, moet ons ons manier van dink en sien verander. Jesus het aan ons 'n lewe in oorfloed belowe. Mense, in hierdie laaste dae moet ons anders wees as die res van die wêreld. Dis 'n afgesonderde lewe, maar dis al hoe ek en jy die volle voordeel van die Here kan ontvang.

Al voel jy vandag moeg, teleurgestel en alleen, kom ons lees:

***Jesaja 40:31;***

'Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie'.

Die laaste deel oor die dissipels en Jesus:

Die dissipels wou so gou as moontlik in Kapérnaüm kom. Hulle het Jesus nie gesien in die storm nie. Hulle kon Hom nie hoor of Sy nabyheid voel nie. Tog het Jesus al die tyd oor hulle gewaak. Weet vandag: Dit maak nie saak hoe jou storm lyk nie, dit kan Jesus nie weghou van jou af nie.

Toe die dissipels Jesus op die einde sien aangeloop kom op die water was hulle bang. Onmiddelik het Jesus vir hulle gesê: 'Dit is Ek, moenie vrees nie'. Die woorde 'moenie vrees nie', is die mooiste wat jy kan hoor in jou storm.

Iemand was nou die dag toegeval onder 'n muur. Almal het kom help. Hy sê: 'Die mooiste woorde was toe hy hulle hoor sê: Ons is hier. Moenie bang wees nie, ons sal jou uithaal'.

Dis wat Hy vandag vir ons kom sê: 'Ek is hier. Moenie bang wees nie. Ek sal jou uit al jou probleme verlos'. Die verhaal in die Bybel sê dat toe Hy ingeklim het, was die skuit dadelik aan die land.

Hy sal jou altyd kry waar Hy jou wil hê, en Hy sal altyd op tyd wees.

# DIE GROTER WERKE

## ***Johannes 14:12;***

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan'.

Dis baie duidelik hier dat Jesus Sy opdrag aan die kerk kom gee het. Die groter werke sal begin as ons begin bid, en bid en bid. Nie net bid nie, geestelike gebed, in die krag van Heilige Gees. Ons grootste wapen in die konflik met Satan en sy bose magte is geestelike gebed. Daar is geen manier dat ons groter werke sal kan doen as dit nie deur geestelike gebed is nie.

Wat is 'werke van gebed'?

Heilige Gees voorsien aan ons die wil van God. Dit kan dan slegs deur die geesvervulde Christen aangekondig en gedoen word. Heilige Gees is ons Helper daarmee. Jesus Christus was die eerste helper en Heilige Gees is die tweede helper. In die afwesigheid van Jesus Christus moes Heilige Gees gestuur word. As jy mense wil leer sonder die hulp van Heilige Gees, is dit onmoontlik om oor bekering en redding te kan praat.

Die deel wat God daarin speel is die krag van jou gebed. Die teenwoordigheid van God in jou lewe, is die bewys van die krag in jou lewe.

Die reël bly dieselfde: ***Johannes 10:37;*** 'As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie'.

Moet nie net glo wat ek sê nie. Glo my as ek doen wat Christus gedoen het. As julle dan sien wat ek doen of preek, maak ook so. Onthou: Satan kan ook mooi praat. Moet nie luister wat hy sê nie.

Heilige Gees voorsien die wil van God, wat dan deur geesvervulde Christene gedoen moet word. As Heilige Gees afwesig is in jou gebede, is die krag ook afwesig in jou gebed.

Omdat die apostels Jesus geken het, het hulle Heilige Gees geken. As jy Jesus Christus ken, moet jy Heilige Gees ook ken.

### ***Handelinge 2:4;***

'En hulle is almal vervul met die Heilige Gees'.

Jesus stuur aan sy volgelinge Heilige Gees met pinkster.

Wat maak die grote God wie Hy is? Sy alomteenwoordigheid.

In Psalm 139 staan: 'Waar sou ek heengaan van U Gees en waarheen vlug van U aangesig? Kyk, U is daar!'

God is orals deur Sy Gees – Heilige Gees.

Dus is God en Heilige Gees:

- \* Alomteenwoordig,
- \* Alwetend,
- \* Alom-magtig en kragtig, en
- \* vir ewig. Van ewigheid tot ewigheid.

Dit is Sy Gees wat ons bedien en genees, bevry, en ook help groei.

### ***Johannes 14:17;***

'Die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien (en verstaan) en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees'.

Wie was met hulle? Jesus.

Wie sou in hulle wees? Heilige Gees.

Heilige Gees bly in my en sal vir ewig in my wees. Heilige Gees kom in my persoonlikheid in en ek word nuut. Ek word vernuwe in my verstand, my gedagtes, my besluite en my wil.

### ***Handelinge 10:38;***

'Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees

en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was'.

Jesus Christus kon uitgaan en so doen, omdat Heilige Gees met Hom was. As jy nou rondgaan en goed doen sonder Heilige Gees, doen jy dit net vir geldelike en materiële redes. Hoe meer jy saam met Heilige Gees doen en uitgee, hoe meer krag sal jy ontvang.

Wat wil Jesus hê moet in jou gebeur om die 'groter werke' te doen? \* Hy wil hê dat Sy energie deur jou moet vloei.

\* Hy wil Sy wysheid in jou hart deponer.

\* Hy wil hê dat Sy natuur teenwoordig en sienbaar moet wees in jou \* Hy wil hê dat jy moet voel wat Hy voel.

\* Hy wil hê dat jy moet sien waarna Hy nou besig is om te kyk.

\* Hy wil Sy lewe deur jou, na ander toe blaas.

Jy moet weet dat die wonderwerke alreeds in die hemel gebeur het. Dit kom nou na jou toe. Ons moet dit net laat gebeur, ons is die kanale. Alle mag en outoriteit is aan ons gegee.

Jesus het gekom om die verhouding tussen mens en God te herstel. So word ons nou uitgestuur om die verhouding tussen God en ander mense te herstel met genesing, bevryding, seëninge en krag.

Ons moet dit gaan soek. Dit kom nie van self nie.

**Mattheus 13:44;** 'Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand'.

Ons kan so maklik verdwaal in doodlooptonnels en donker gange op soek na die skat. Baie keer kom ons net by valshede uit, omdat ons 'geestelik blind' is.

Wie word in Bybelse tye as 'geestelik blind' gesien? Pontius Pilatus. Hy was 'n invloedryke verteenwoordiger van die magtigste regering van sy tyd. Tydens Jesus se verskyning voor Pilatus het hy gevra: 'Wat is die waarheid?' Die feit dat hy hierdie vraag gevra het, terwyl hy na die Waarheid self gekyk het, beteken hy was geestelik blind. Ons soek vandag nog na waarheid en besef nie dis net in Christus, wat nou voor jou staan, nie.

Om in die waarheid te wandel het ek geloof nodig. Die oomblik as jy mense begin bedien, moet jy mooi binne-in jouself kyk. As jy self niks het en baie min om te eet, is dit moeilik om vir die armes te preek. Dan vra jy vir jouself: Hoe kan ek verwag dat hulle geloof moet beoefen, as ekself nie genoeg het daarvan nie?

Weet vandag dat God jou gebede hoor. Hy kan dalk by jou kom en vir jou vra om baie spesifiek te wees met jou gebede. Moet nie net bid dat Hy jou moet seën nie. Vertel Hom presies wat jy nodig het. Hy sê nie verniet: 'Julle het nie, want julle vra nie'.

Kom ons kyk as voorbeeld na die twee blindes van Jérigo:

***Mattheus 20:30-34;***

'En daar het twee blindes langs die pad gesit; en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, roep hulle uit en sê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid! En die skare het hulle bestraf, dat hulle moes stilbly; maar hulle het al harder geroep en gesê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!

Toe gaan Jesus staan en roep hulle en sê: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? Hulle antwoord Hom: Here, dat ons oë geopen mag word. En Jesus het innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg'.

Hierdie twee mense het nie genesing ontvang voordat hulle nie daarvoor gevra het nie. Wees baie spesifiek oor jou eie behoeftes en dan ook hoe om te begin mense bedien.

In Lukas 9:11 lees ons: 'He cured all those who requested healing'.

Hoe gaan ons dit hierdie jaar regkry?

**Ons sal al die praatjies moet los en soos Jesus begin lyk.**

Lank genoeg het die kerk gelyk soos 'n plek waar mense net in 'n verhouding met boeke en reëls staan. Hulle is meer verlief op teologie as op God self. Nou, dis harde woorde!

Maar wêreldwyd het die kerk geredeneer dat hulle oor 'iets' kon praat, sonder om te beseef dat hulle nog nooit daardie 'iets' self ontdek of gesien het nie.

Op 'n konferensie vertel 'n predikant van hierdie 'verligte' vrou in sy gemeente, wat so 'geestelik' is.

Kom ons sien in ons verbeelding net vir 'n oomblik hoe sy lyk: Sy doen vreemde goed, sy glo in vreemde goed, sy sien vreemde goed, sy kan ook in haar gees sekere dinge net aanvoel en lag soms op verkeerde tye. Maar, een ding moet ons ook beseef: Sy sien die kerkomgewing as 'n baie vervelige en beperkte plek.

Kom ons verbeel onself verder: Wat sal sy doen as Jesus nou hier sou instap – as mens? Hy sal haar totaal fassineer. Sy sal waarskynlik nooit genoeg van Hom kan kry nie.

Hy sal haar aantrek soos 'n magneet. Hoe sal hierdie vrou en haar predikant, in hulle optredes verskil, as Jesus werklik ingestap kom? Hoe sal hulle Hom ervaar? Hoe sal jy Hom ervaar?

Ons moet deeglik beseef dat die evangelie van die Koninkryk regtig eers saak maak as ons dit reg gebruik. Om wedergebore te word is net die begin van die saak, nie die einde nie. Ons roeping is om ambassadeurs te wees van die hemelse koninkryk. Oor jare was daar vele mislukkings. Net omdat dié mense wat die

waarheid geken het, nie daarin kon slaag om dit te gebruik nie. Die groot tragedie is dat dieselfde gedagtes nie by mense opkom wanneer hulle die woord 'kerk' hoor, as wanneer hulle die woord 'Jesus' hoor nie.

Tyd het gekom dat ons al die slim praatjies en programme moet los. Breek spreekwoordelik die torings af en skroef die hoenders bo-op hulle los en haal hulle af! Die kerk se grootste taak vandag is om soos Jesus te lyk. As ons dit kan regkry is die helfte van die ander goed onnodig. Dis dalk die rede waarom Jesus baie meer gepraat het oor hoe ons moet lewe as oor wat ons moet glo. Die gevaar bly 'n teologie sonder werklike geestelike diepte.

Hierdie is die grootste rede waarom daar so 'n wye belangstelling in die mistieke is en om in die vierde dimensie en hoër te begin leef. Jare gelede het Karl Rahner profetiese woorde gesê wat nou in bewaarheid kom. Hy het gesê: 'The Christian of the future will be a mystic or he will not exist at all'.

Hierdie Christene begin leef in 'n bonatuurlike lewenstyl en leef in verwondering oor wat God alles kán doen. Kerk het tot dusver geleef in teoretiese sekerhede – dit wat geskryf is, is alles. Stellig gaan ons almal deel word van die verandering, of ons gaan nie oorleef nie!

Diep binne in ons is 'n dors wat nooit geles kan word net met blote argumente of die teorieë oor wat water is nie. Dit mag help om water op te spoor, maar die lewe begin eers sin maak as ons bewus word van ons eie dors en bereid is om op ons knieë te val en self te begin drink!

Die kerk moet háársel self aan die wêreld kan gee soos Jesus homself gegee het. Maar dan het sy ook Jesus se geestelike bewustheid nodig. Sonder die een sal die ander nie kan hou nie. Jesus Christus was die Groot Mistikus.

Die wêreld het vandag 'n kerk nodig wat iets daarvan herontdek.  
Afrika is bekend vir sy geestelikheid.  
Laat ons dié deel wat ons moet hê, gaan soek.

.....

## **MET SY HULP**

As die ware Woord van God gepreek word, het jy nie nodig om dit te verdedig nie. Jy hoef dit nie te bekerm of dit te probeer laat werk nie. Dit sal werk, want dit het krag.

Ons moet almal eindig op die hoogste vlak. Hierdie koningskap en priesterskap word ontvang van Christus self. Laat Hom toe dat Hy dit alles vir jou gee.

As dit daar is, beteken dit energie deur die Lewe. Dit beteken 'n eindelose Lewe. Daar is nooit 'n einde daaraan nie.

Hierdie krag is eintlik in ons en hierdie krag van die lewe werk van ewigheid tot ewigheid. Hierdie krag is ook onverwoesbaar en nie eers die dood kan dit breek nie. Dis 'n dimensie vol van die energie van Jesus Christus. Daarom sê Hy: 'Ek leef van my Vader en dié wat in My glo, sal deur My lewe. Nie eers die dood kon my hou nie. Ek is die bron van bonatuurlike lewe'.

Ons belewe 'n tydperk waar daar nuwe openbarings deur die Gees gebeur. Ongelukkig word enige dieper openbarings met agterdog begroet. Die kerk is eerste wat sal sê: 'Dis nie in die Bybel nie'. Dis nog altyd in die Bybel.

Dit is net nie deel van jou eie verstaan van die Bybel nie.

Die oomblik dat jy oor Heilige Gees begin praat, slaan almal se kleppe toe! Praat nie eers van die bonatuurlike nie.

God is besig om sy seuns en dogters te openbaar. Hy skryf dat die skepping met verlange uitsien na die openbaarmaking van die seuns en dogters van God.



In die kerk is daar soveel wat gereed is om soos konings en priesters op te tree en die siek wêreld te verlos van sy kanker en die dood.

### **Waar begin dit ?**

As Christene het ons twee seisoene waarin ons beweeg. 'n Seisoen waarin ons saam met God stap om te leer, en 'n seisoen waarin ons vir God stap. Hy is die een wat jou roep om aan te meld:

**Mattheus 4:19;** 'En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak'.

Die seisoen om saam met God te loop is die 'tyd van opoffering'. Die seisoen waarin ons vir God stap is die 'tyd van ewige beloning'. Jy ontvang Sy beloning vir jou gehoorsaamheid.

As ons kyk na die lewens van die eerste dissipels wat met Jesus was en daarna vir Hom geloof het, kom jy agter dit was nooit hulle oorspronklike plan nie. Hierdie manne het op die einde gekies om God se wil te doen nadat hulle begin sien het waarom dit regtig gaan. Ek en jy sien hierdie doel ook nooit in die begin raak nie. Dit word eers regtig 'n werklikheid as ek 'n seun van God begin word.

Die tragedie is dat daar so baie is vandag wat nie tyd wil spandeer om saam met God te stap nie. Die dag as hulle tot bekering kom wil hulle net wegspring en dadelik vooruit hardloop, sonder om eers volkome oor te gee en toegerus te word.

Jesus sê vir ons: 'As iemand agter My wil aankom, moet hy homself eers verloën, voordat hy outoriteit sal ontvang'. Die tyd om saam met God te loop en van Hom leer, is die tyd waarin ons ons gedrag en ons optrede moet verander. Daarom die vraag: Het jou gedrag verander sedert jy saam met Hom stap ? Daar is niks op aarde wat jou gedrag net self sal

verander nie – net God kan.

Jy kan nie net in die gawes opereer tensy jy nie eers saam met Hom gewandel het nie. Jy kan nie preek in die krag van Heilige Gees of jou besigheid bedryf of jou familie beheer, presies soos wat Jesus dit wil hê, sonder om eers saam met Hom te wandel nie. Het jy al ooit 'n goeie leermeester gesien wat nie eers self 'n student was nie ?

Die eerste stap wat jy moet maak is om te besef dat ons werklik in Christus kán wees. Ons moet kan sê dat ons in 'n staat van Christus kan wees. Ons is in die plek van Christus. Ons is in die natuur van Christus en ons is die werksplek van Christus. Dis nie net godsdiens nie – dis 'n werklikheid. Daarom kan ons soos Paulus sê: 'Ek leef nie meer nie. Christus leef in my'.

Wat het teen hierdie verandering gewerk? Onself.

Mense kom by jou in die kerk en sê: 'So Christus leef in jou. Nou waarom dan nog al die kwaad ?' Ons is soms so ongeloofwaardig.

Die oomblik dat ons besef dat ons nog toerusting nodig het, begin dinge verander.

Jy kan vra: 'Gaan ek nie hemel toe nie? Is dit nie genoeg nie?' O, ja. Jy gaan hemel toe. Jy het dan tog assuransië uitgeneem teen brand.

Die kwessie gaan daarvoor of jy ooit deel van die bruid gaan wees. Waar gaan jy sit, as jy wel die hemel maak ? Naby Christus of saam met die rower aan die kruis êrens in 'n gebou ? Êrens in 'n plek tussen mense wat Hom nooit werklik geken het nie.

Dis waaroor dit gaan. Gaan Hy ooit vir jou sê: 'Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer ?'

Ons moet weet: Almal gaan nie die bruid in die liggaam van Christus wees nie. Almal gaan dit nie maak tot by koningskap en

priesterskap nie. Kan ons ? Natuurlik ja. So laat ons leer en groei. Dié wat net sit en wag vir die wegraping, mag verras word.

Kyk na soveel ouer mense in die kerk. Na 25 jaar dien hulle nog die Here. Het hulle nog steeds 'n verhouding met Hom. Volwassenheid spreek altyd van groei. Volwasse mense speel tog nie meer pop nie. Hulle hou hulle besig met die voortbeweeg van Christus.

Om kennis op te doen van die Woord en die beloftes van Christus, is so belangrik. Ons moet lees wat ons voorsate gedoen het in Bybelse tye. Daar was konings, profete en priesters wat 'n sekere resep gevolg het. Dit word van ons ook verlang.

As jy die boek Hebreërs gaan lees kan jy een naam gee vir wat daar staan: 'BETER'. Daar staan dat daar 'n beter verbond gevestig word, op beter voorwaardes, beter beloftes, beter hoop en 'n beter manier om in die heiligheid van God in te gaan.

Dit beteken dat, as ons dit kan regkry, ons in 'n baie beter manier God kan dien en op 'n baie hoër vlak Sy dinge kan doen, as die klompie van die Ou Testament. Om die beter dinge na te streef is wat God nou van ons verwag. Nie kritiek en twyfel en tweedrag nie.

Die seuns en dogters van God moet nou opstaan. Konings en priesters vir God gaan nou die heerlijkheid van die Koning van die konings inbring en as priesters die heerlijkheid van die Hoë Priester beleef. Engele gaan hier 'n groot rol speel.

Ek is so bewus dat elkeen van ons vir die Here sal wil sê: Wys vir ons wie U is Here. Ek wil so graag U gesig sien.

Dis wanneer die Here vir jou sal sê: 'Jy sal nie My gesig kan sien nie. Jy sal my agterkant sien, want jy het jou eie idee oor hoe Ek lyk. Oor jare het julle nooit geleer hoe Ek lyk nie. Jy het jou eie

prentjie oor hoe Ek lyk. Ek wil vir jou sê: Ek lyk anders. Ek wil jou eers laat voel hoe Ek is, voordat jy My kan sien.'

Ek het al gevoel hoe dit voel om in Hom in te gaan.

Die oomblik as jy ingaan is jy net van één gevoel bewus: LIEFDE. Die liefde wat saam inkom is so oorweldigend dat jy voel jy kan nie staan nie. Liefde vir jou, liefde vir alles wat leef. Net liefde.

Christus wil so graag hê dat jy Hom moet voel. Dis belangriker as hoe Hy lyk. Dit wat Hy vir ons en vir die wêreld gevoel het, het gemaak dat Hy vir ons kon sterf.

Ons moet ons idees van dink begin verander. Die dinge wat ons doen, begin verander. Dis in Sy lig dat ons lig sal sien.

As ons in Sy stem instap, sal ons Sy stem word.

Wanneer God begin beweeg is daar altyd doelgerigtheid. Daar is geen choas. Dis mense wat nie in die gees beweeg wat in choas is. Hulle weet nie hoe om te aanbid en hoe om God tevrede te stel nie.

Ons gaan nie weer wegkom van die skrif wat sê: 'Vernuwe julle gedagtes en die manier hoe julle dink' nie. Die oomblik dat ons dit regkry kom daar net 'n wete in jou in: Niks is vir my onmoontlik nie.

Kerk, hou net aan en aan asseblief. Jou seisoen van opoffering is die tyd van toetsing. As jy die toetse slaag kom die tyd vir promosie. Jou promosie maak jou waardig om vir Hom te loop. Jy sal preek en bid en bedien, want jy het die hemel aan jou kant. Baie mense werk vir God, maar baie min wil Sy vriend wees.

Die ewige beloning kom as jy alles vir Hom kan oorgee.

.....

# BEWEEG JY IN OUTORITEIT?

God het die aarde gemaak en die volheid daarvan. Hy skep ook 'n Tuin in Eden en plaas vir Adam daar. Adam en God was één in die Gees en die volle heerskappy van Eden word aan Adam gegee. Hier moes hy heerskappy neem oor al die werke van God se hande as die eerste koning op aarde. Omdat Adam in God was, word hy ook die god van hierdie wêreld.

Adam pleeg hoogverraad en verkoop alles uit aan Satan. Deur sy oorwinning word Satan nou die god van die wêreld.

## **2 Korinthiërs 4:3-4;**

'Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges **in wie die god van hierdie wêreld** die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie'.

Wie is in die wêreld en hoe werk Satan nou nog in die wêreld?

- \* Om die evangelie te bedek.
- \* Die ongelowiges.
- \* Hulle wie se sinne verblind is.
- \* Die hardkoppiges.

Alhoewel Satan die god van hierdie wêreld genoem word, weet ons dat die Bybel praat van die tweede Adam, Jesus Christus, wat ons plaasvervanger geword het. Alles wat Jesus gedoen het, het Hy ter wille van ons gedoen.

Ons moet dit wat ons nou gehoor het neem en 'n toekoms daarop bou. Ons moet nooit ons probleme verplaas na die toekoms toe nie. Dit maak dat ons dink dat ons nie nou hier op aarde in outoriteit kan beweeg nie. Moet nie dink dat Satan hier alles onder sy beheer het nie. Nee! Ons moet onthou dat ons as kinders van God, in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie.

Daarom is die evangelie nie vir ons bedek nie, is ons nie ongelowig nie en is ons sinne nie verblind nie. Satan regeer nie oor ons nie. Hy beheer ons nie. Ons kan in teendeel oor hom die botoon voer. Ons het mag oor Satan.

Ons moet dadelik ophou bid: 'Nou, Here, doen asseblief dit en doen asseblief dat. Here, seën my!.' Jesus Christus sê vir ons in Mattheus 28 dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is, en dat Hy hierdie mag aan ons oorgedra het. Al die mag wat op aarde uitgeoefen kan word, moet deur die kerk gedoen word, want hierdie mag is die krag wat aan ons oorgedra is.

Christus is nie meer op aarde nie. Hy sit **as** die regterhand van God in die hemel. Maar, ons die liggaam van Christus is hier. Hierdie mag is oorgedra aan ons. Baie probleme bestaan omdat ons nie ons outoriteit opneem en eintlik niks aan die saak doen nie.

Die eerste groot geestelik stap na wedergeboorte en die vervulling met Heilige Gees is om te besef dat jy iets moet begin doen. Die Here sal jou elke dag aanmoedig om te waag. Hy sal vir jou sê: 'Jy moet iets omtrent dit doen'.

Kenneth Hagin skryf hieroor die volgende: Vir baie jare het ek vir die redding van my oudste broer gebid. Hy was die swartskaap van die familie. Ten spyte van my gebede, het dit gelyk asof dit slegter gaan in plaas van dat dit beter sou gaan. Ek het altyd so gebid: 'Here, red hom', maar die Here het my gedaag dat ek iets daar-omtrent moet doen. Die Here het aan my gesê dat ek die mag het. Dus het ek toe so begin bid: 'In die Naam van Jesus breek ek die mag van Satan oor my broer se lewe, en ek eis sy redding!' Ek het die bevel gegee. Ek het geweet dat wanneer 'n heerser 'n bevel gee, weet hy dat dit uitgevoer sal word. Satan het aan my probeer sê dat my broer nooit gered sal word nie, maar ek het hom uitgelag en aanspraak gemaak op sy redding.

Nie lank daarna het my skoonsuster aan my geskryf dat my broer gered is!

Baie mense probeer om in hierdie outoriteit – hierdie mag – te beweeg. Wanneer daar egter nie dadelik resultate is nie, begin hulle twyfel en val terug in die natuurlike. Hulle begin ongelowig praat en begin om die stryd te verloor. So gee hulle Satan die reg om oor hulle te heers.

Paulus was baie bewus hiervan en hy skryf aan die Efesiërs: **Efesiërs 1:20**; God die Vader het Jesus Christus uit die dode opgewek en Hom laat sit **as** sy regterhand in die hemele. (nie **aan** sy regterhand nie).

Maar, ons sit nou saam met Jesus, met al die mag wat aan Hom gegee is. Daardie mag behoort nou ook aan ons.

Ons kan daardie mag beoefen wat aan Jesus gegee is, want dit behoort aan ons, deur Hom. Hier help ons Hom deur Sy werk uit te voer. Ons het nie alleen net gaan sit nie. Let op waar ons sit:

**Efesiërs 1:21**:

‘Ons sit bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy’.

Dis nie alleen Christus wat sit as die regterhand van die Vader nie, maar ons is ook daar, want Hy het ons saam laat sit. Ons kan nou heerskappy oorneem.

**Efesiërs 6:12**;

‘Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug’.

Die Woord van God sê aan ons om Satan te oorwin.

Die oomblik as ons hierdie outoriteit wat aan ons gegee is opneem, sal Satan van ons wegvlug.

Daar is geen vers in die Bybel wat sê dat ons moet bid en God vra om iets aan Satan te doen nie.

Mense wat vir God vra om namens ons die duiwel te bestraf, mors hulle tyd. Die minste in die liggaam van Christus het net soveel krag oor die duiwel as enige iemand anders. As gelowiges niks omtrent die duiwel wil doen nie, sal niks gedoen word nie.

Mattheus het geskryf dat Christus gesê het toe Hy opgestaan het uit die dood, dat alle krag en mag aan Hom gegee is in die hemel en op aarde. (Mattheus 28:18)

Hierdie mag het Hy onmiddelik aan die kerk oorgedra.

**Markus 16:16-17;** Hier sê Jesus vir ons:

‘Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir die wat glo sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf en met nuwe tale sal hulle spreek’.

Wat gaan die tekens wees as ons hierdie outoriteit kan opneem?

**1. Markus 16:17;** ‘In My Naam sal hulle duiwels uitdryf’.

Dit beteken dat gelowiges die mag sal hê oor die duiwel. **Alle** gelowiges, en nie net die predikante nie. Hulle sal die vyand se mag breek oor hulle eie lewe en die lewens van andere.

Hulle kan vry wees van die vyand omdat hulle mag oor hom uitoefen. Jy vra nie hier dat Jesus Sy hande op siekes moet lê nie – jy moet dit doen. Beoefen die mag wat jy het.

**2. Jakobus 4:7;** ‘Weerstaan die duiwel en hy sal van jou wegvlug’. Die opdrag is aan ‘jou’. Jakobus skryf nie dat ons God moet vra om die duiwel vir ons te weerstaan nie. Daar staan ook nie dat hy van Jesus sal wegvlug nie, maar dat hy van **jou** sal wegvlug. Die mag behoort aan jou, óf jy voel dat jy dit het of nie.



### **3. 1 Petrus 5:8;**

'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

Mense lees soms net die eerste vers. Daarom die reaksie: 'O, die duiwel is agter my bloed aan!' Dis wanneer hulle in die kerk inkom en vra dat jy vir hulle moet bid. As jy so praat, het hy jou alreeds.

### **1 Petrus 5:9;**

'Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof'.

Almal kan hom teenstaan in die outoriteit in Christus. Elke gelowige het dieselfde mag as Petrus en Paulus.

Die vraag in die kerk wat so dikwels gevra word is: 'Hoekom word ek nie net gesond elke keer as daar iets met my verkeerd is nie?' Predikante het vir hulle gebid, maar niks het gebeur nie. Jy kry die gevoel dat die predikant later hiervoor blameer word.

Die antwoord is: Toe jy gered is was jy soos 'n baba. God het toegelaat dat ander vir jou bid in daardie tyd. Maar, na 'n tyd verwag God dat die baba sal loop en vir homself sal sorg. Te veel mense wil babas bly. God het hulle neergesit en aangesê om te loop, maar hulle kan dit nie self doen nie.

Wat van persone wat nooit enige geloof beoefen nie en maar altyd afhanklik is van ander se geloof? Die Bybel sê: 'Die duiwel moet jy teenstaan, standvastig in die geloof'. Jy kan iets daaromtrent doen. Jesus, Jakobus en Petrus sê dan aan ons om iets omtrent die duiwel te doen.

Paulus maak dit baie duidelik:

**Efesiërs 4:27;** 'En gee geen plek aan die duiwel nie.

Moet nie die deur oopmaak en sodoende vir Satan 'n kans gee nie. Ons moet verstaan dat, as jy 'n plek aan die duiwel gee, Jesus niks daaraan kan doen nie. Jy het die mag, maar jy het dit

nie beoefen nie. Tensy jyself iets aan die duiwel doen, weet dat Jesus niks daaraan gaan doen nie. Jesus Christus het alles aan die duiwel gedoen wat Hy wou doen. Daarom het Hy opgestaan uit die dood en die mag aan die kerk oorgedra. Die gelowiges is vrygestel. **Kolossense 1:13;**

‘Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde’.

Daar gaan niks meer omtrent die duiwel gedoen word totdat die tyd sal aanbreek aan die einde waar die engel van die hemel sal neerdaal en Satan vir ‘n tyd sal bind in die put en daarna sal hy gewerp word in die poel van swael en vuur.

Ons moet verseker wakker word en ons manier van bid verander. Dis so belangrik dat ons self moet leer hoe om Satan teen te staan. Ons het die mag om dit te doen.

Ons sit in hemelse plekke, saam met Jesus. Ons mag is ver bokant alle owerhede en krag.

Jesus kom sê vir ons in **Lukas 10:19;** ‘Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie’.

Die vyand het te lank op ons getrap. Dis tyd dat ons opstaan en in outoriteit begin beweeg.

As gelowiges moet ons voortdurend beklee wees met die wapenrusting. As jy so beweeg, sal jy in mag beweeg.

**Efesiërs 6:10 en 11;**

‘Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel’.

Ons kan alleenlik verstaan wat om ons gebeur net deur geloof. Deur geloof stap ons in die realms van Sy heerlikheid in.

Ons kan alleenlik ons aardse realm verstaan as ons dit vanuit ‘n hoër vlak beoordeel.

Ons kan nie die gevalle staat in ons en in die wêreld verstaan, deur met gevalle oë daarna te kyk nie. Ons sal moet hoër gaan – daar waar Jesus is. Dit eintlik waar ons geroep is om te leef.

Die natuurlike realm is gegee aan die seuns van mense, maar ons wat in die gees in Christus is, is die seuns van God. Ons is geroep om in oorwinning te leef - in Sy heerlikheid en verlos van al die aardse bindinge.

**Kom ons bid saam:** Vader God, ek kom na U toe in die magtige Naam van Jesus Christus. Dit gee aan my die outoriteit om te kan sê: Satan, ek breek jou mag oor my gesinslewe in Jesus se Naam. Satan, en breek jou mag oor my gedagtes, my verwerping en my bitterheid. Ek breek jou mag oor my finansies in Jesus se Naam. Satan, ek breek jou mag oor ons land en ek eis dit terug in die Naam van Jesus Christus. AMEN.

.....

## **GOD SE WIL VIR ONS LEWE.**

Ons weet dat die hele doel van die lewe is om soos Jesus Christus te wees. Dis God se wil vir ons lewens, maar ons moet aanbeweeg om in Sy perfekte wil te wees.

Wat het in Christene se lewens gebeur? Daar was te veel raad en aanbevelings van mense, en nie van God nie.

Daar loop 'n reguit lyn direk deur God se Woord. Dis nie net ons geskiedenis nie, dis die rigting waarin ons moet gaan. Daar moet 'n kompas in jou hand wees met 'n spesifieke rigting daarop.

### **Hoe klink God se wil vir ons lewens?**

God het die mens geskape. Die mens het nie God geskape nie – al dink sommige slim mense so.

God het die mens na Sy beeld geskape om soos Hy te wees. Daarna gee Hy aan die mens die reg om te heers op aarde, oor die hele skepping en alles wat daarop is - om in totale beheer te wees en alles aan hom te onderwerp.

Die opdrag: Heers oor die natuur en nie oor mekaar nie.

Mens het ongelukkig hierdie reg om te heers aan Satan weggegee. Dis gedoen deur hulle eie wilsbesluite en ongehoorsaamheid en sonde. Elke dag nog verloor 'n mens die reg om te heers as hy sonde toelaat in sy lewe. Jy kan nie as 'n heerser in die Koninkryk van God optree as 'n oorwinnaar, met sonde in jou lewe nie. Sonde bly jou grootste vyand – nie die duiwel nie, maar wat jyself toelaat.

Hierna besluit God om die volle prys te betaal vir mense se sonde en om alles weer te herstel. Om dit te kon regkry beteken dit dat die sondelas van mense weggeneem moes word. Dit kon alleenlik deur die offer van bloed gedoen word. Die hele skepping se sonde kon slegs uitgewis word deur die bloed van iemand wat perfek en sondeloos is.

Omdat al die mense ge-ïnfekteerd is deur die vloek van Adam, kon normale sondige mense nie rein genoeg wees om hulle eie sonde self te verwyder nie.

Jesus Christus kom in die vlees en kom woon onder die mense op aarde. Hy wat die perfekte beeld van God was, was heilig en rein genoeg om die volle prys te betaal. Hy was die perfekte rolmodel vir almal.

Jesus Christus kom leef op aarde 'n lewe as 'n voorbeeld en kom wys vir almal hoe 'n Gees-ervulde mens eintlik moet lewe.

Hy kom vestig God se Koninkryk op aarde en leer ons hoe om in hierdie koninkryk te beweeg en hoe om in outoriteit te lewe.

Jesus Christus word gekruisig, begrawe en staan op uit die dood. Dit is ook 'n voorbeeld van wat met elkeen van ons ook moet gebeur: Na wedergeboorte moet ons die vlees kruisig – ons sondige natuur, dan moet ons na wedergeboorte begrawe word in die doop om lewendig gemaak te word in 'n nuwe lewe, gewy aan God.

Jesus Christus se dood het gekom om die effek van sonde te kanselleer. Sy bloed het vir ons redding van ons sonde gebring en Sy gebreekte liggaam het vir ons genesing aan ons liggame gebring. Dit is wat ons gedenk as ons nagmaal hou. Daarom moet ons Sy redding en vergifnis aanneem en Hom as ons Saligmaker aanvaar. Hy wil Sy koninkryk in jou hart kom vestig.

God verwag van die hele mensdom om te lewe in oorfloed, vry van die vloek. Hierdie is 'n outoriteitslewe, in oorwinning. Enige iemand wat sy sonde bely en homself bekeer kan gered word en gesond wees – geestelik en fisies – ook aan sy liggaam. Dan leer ons dat God vir jou enige iets sal doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles sal doen wat Hy vir jou vra om te doen. Dit is God se wil om Homself aan ons te openbaar en om ons na Hom toe te trek.

Die Bybel is God se Woord en is Sy wil vir ons. Heilige Gees kom in saam met Jesus Christus in jou lewe om jou te lei, te troos, te leer en jou in die volle waarheid in te lei. Die Gees van God sal jou nie iets laat doen wat die Woord van God verbied nie. Heilige Gees in jou sal jou verhinder om iets te doen wat die Woord van God sê jy mag nie doen nie. As jy aan iemand wil goed doen omdat die Woord so sê, sal Heilige Gees jou nie verhinder om dit te doen nie. Ons is altyd so bang dat ons verkeerd sal optree in die Heilige Gees.

Moet nie bang wees daarvoor nie, Hy sal jou lei.  
Gee net toe aan Sy leiding en moet Hom nie weerstaan nie.

God roep nie mense om onderwysers of bankklerke te wees nie.  
Hy roep mense om getuies en evangeliste te wees in die skool en  
in bank en in die winkel op die hoek.

As jy jousef as enige iets anders sien as 'n 'soort sendeling' in die  
wêreld waarin jy is, is jy nog nie werklik geroep nie. 'n Werklike  
Christen wil primêr sien dat die wêreld om hom moet ontvang dit  
wat hy ook gevind het. As jy nog nie 'n behoefte het om dit wat  
met jou gebeur het met andere te deel nie, het jy moontlik nog  
niks regtig gevind wat die moeite werd is om te deel nie.

Mense, ons moet weet dat God meer geloof in jou as jyself en Hy  
het meer geloof in jou as wat jy in Hom het. Dis hoekom Hy jou  
behandel soos wat Hy doen. Hy het soveel geduld met ons! Al  
wat Hy graag wil sien in jou lewe is dat jy in oorwinning moet  
lewe.

Hy stel nie in jou belang as jy net maak of optree asof net jy reg  
is nie. Hy stel ook gladnie daarin belang as jy net vir jousef wil  
leef nie. Wat vir my moontlik is as 'n individu, is my vermoë om  
te glo. As ek glo in iets, sal dit vir my moontlik wees om dit te  
doen. Jy kan dít word, wat jy van jousef glo.

Jou doel op aarde is om soveel heerlikheid en aanbidding aan God  
te gee as moontlik, deur wat jy sê en wat jy doen. Hy wil graag  
met jou kommunikeer en praat soos 'n man met sy vriend.  
God verwag van jou om dit wat Hy in jou belê het, deur jou  
gebruik moet word. Onthou: Hy sal nooit vir jou iets gee, as Hy  
nie verwag dat jy iets daarmee moet doen nie. Ek wil nooit in my  
lewe beperk word as dit nie God is wat my beperk nie.

God verwag van jou om te leef soos wat die Gees dit wil hê en nie volgens wêreldse wette nie. Die enigste ding wat jou kan beperk, is dit wat jyself toelaat. Werklike oorwinnaars is net gewone mense, hulle veg net vyf minute langer. God het 'n begeerte om ons eendag te vergoed vir dit wat ons vir Hom doen. Die Kroon wat ek en jy gaan kry gaan nie goedkoop en maklik bekom word nie – onthou, dis duur gekoop.

Soms kry ek die idee dat Christene bang is om foute te maak, daarom doen hulle liewers niks nie. Dis ongelukkig die grootste fout van hulle lewe. As jy ooit iets verkeerd doen, onthou: God is groot en goed genoeg om dit te herstel. As jy niks doen nie, kan Hy ook niks doen nie. Onthou die gelykenis van die talente. Dié wat gewoener het, het 'n sekere vergoeding ontvang. Wie het in hierdie gelykenis 'n kans van God gekry? Elkeen – volgens sy vermoë. Elkeen van ons kry daagliks 'n kans om iets vir God te doen. Hy het ons dan toegerus om dit te doen. Hierdie 'doen' is egter 'n keuse.

Elke Christen het 'n bediening. Elkeen moet ten minste besig wees om 'n jonger persoon te leer wat die regte weë is. Die grootste hoeveelheid tyd wat ek ooit gemors het, is die tyd wat dit my geneem het om regtig aan die gang te kom. God het nooit beplan dat kerk 'n plek moet wees nie. Hy het van die begin af bedoel dat dit mense moet wees. Sy doel bly nog altyd dat ons 'n liggaam moet wees wat voortdurend besig moet wees om te verander om soos Hy te wees.

Verwag van God om groot in jou te wees. Droom groot. Doen groot goed vir God. Daar's nog altyd te veel mense wat klein goedjies vir God wil doen. Nee. Hy het mense nodig wat groot goed vir Hom moet doen. Doen goed wat ander mense se lewens

kan verander. Doen die goed wat jy dink Hy sou gedoen het as Hy nou hier was.

Gaan groot! Vergeet wat mense van jou dink en sê.

Hulle het sulke goed oor Jesus ook gesê toe Hy op aarde was. Almal sal jou altyd kritiseer, tot die dag dat hulle jou nodig het! Almal sal altyd sê dat dit wat jy leer hulle nie pas nie, totdat hulle tienerseun in dwelms verval en wil selfmoord pleeg, óf hulle graad elf dogter swanger raak en 'n aborsie wil laat doen, dan hardloop hulle vinnig na jou toe.

Kom uit jou dooie godsdiens uit. Kom in 'n regte verhouding met Christus. Hoe weet jy jy is nog in dooie godsdiens? Jy sal weet deur die manier waarop jy **dink**.

As jy altyd loop en dink dat jy nie dit of dat kan doen nie en loop en dink of dit regtig God se wil is of nie, is jy nog in dooie godsdiens.

**Dooie godsdiens** het nog altyd gesê: 'Ek dink nie ek kan dit doen nie, want sê nou God hou nie daarvan nie'.

**Lewendige godsdiens** sê: Wat kan ek vir U doen o God, net om te wys hoe lief ek regtig vir U is? Praat net, en ek doen dit'. Word daders en nie net luisteraars nie.

Jesus het kom sê dat dit God se wil is dat ons aan andere moet doen, dit wat ons wil hê ook aan ons gedoen moet word.

As jy siek is en jy wil graag hê dat iemand moet in die kerk net opstap na jou toe en vir jou siekte bid, dan is dit presies wat jy moet begin doen: Stap op in die kerk na iemand toe wat siek is en bid vir hom. As jy werklik alleen en mismoedig is en niemand het om jou te help nie, en so wens dat iemand na jou toe sal kom en jou kom troos en bemoedig en help, dan is dit presies wat jy moet begin doen: Soek iemand wat alleen en mismoedig is en



gaan na hom toe en troos en bemoedig hom. Het ons die boodskap?

Die stappe na 'n lewe in oorvloed saam met Jesus kan so saamgevat word: Die belangrikste is om te weet dat ek en jy volg die God van die onmoontlike. Ek, 'n gewone mens, ver van perfek af – vir my om te dink dat alles wat ek aanpak, dat dit net 'n sukses sal wees, is vergesog. Maar, daar is drome en visies in my oor dinge wat nog moet kom. Ek het een groot wete: Vir God is alles moontlik, en

Hy sê weer vir ons: 'As julle in My is, is alles **vir julle** moontlik'.

**Clement Stone** was 'n baie suksesvolle sakeman.

Daar word aan hom gevra: 'Hoe het jy dit reggekry om so baie in jou lewe te kon doen en te bereik?' Sy antwoord: 'Ek het in my verbeelding gedroom. Ek het in my gedagtes sekere dinge kon sien – dinge wat ek nog wou bereik. Saans het ek bed toe gegaan en gedink aan my drome. In die nag het ek werklik gedroom daaroor.

En as ek in die oggend wakker word, het ek geweet hoe om by my drome uit te kom.

Hy sê verder: Terwyl ander mense vir my kom sê het: 'Jy kan dit nie doen nie, dis onmoontlik', was ek oppad om dit te bereik waaroor ek gedroom het'.

Mense, dit wat ons elke dag moet droom - dit bring lewe en doelgerigtheid en sin in ons lewens. Ons moet weet waarheen ons oppad is. Sonder dit sal die lewe saai en oninteressant wees.

Daar is 'n groot studie gedoen onder konsentrasiekamp-oorlewendes.

Hulle wou kyk waarom sekere mense in kampe nie geval het met siektes en in depressie en ellende nie, terwyl die oorgrote

meerderheid om hulle net oorgegee en gesterf het. Die studie het getoon dat dié wat aanhou hoop en aanhou droom het, ten spyte van hulle omstandighede, dié is wat dit gemaak het.

**Victor Frankl** was so 'n man.

Hy is baie lank deur die Nazi's in gevangenisskap gehou. Baie jare later, terwyl hy 'n groot groep uitgesoektes en hooggeplaasdes toegesprek het, het hy gesê:

'Daar is net een rede hoekom ek vandag hier is. Wat my aan die lewe gehou het in die kamp, was julle. Julle wat nou hier voor my sit. Andere het oorgegee, maar ek het gedroom.

Ek het gedroom dat ek eendag hier sal staan, Victor Frankl, en vir julle vertel dat ek die kampe oorleef het.

Julle moet weet: Ek was nog nooit voorheen hier gewees nie en ek het niemand van julle ooit voorheen gesien nie en ek het hierdie toespraak nog nooit voorheen gegee nie. Maar, terwyl ek nog in die kamp was, was ek egter so seker dat ek dit gaan maak, dat ek dit gedroom het. In my drome het ek voor julle gestaan, en hierdie woorde wat ek nou sê, duisend keer opgesê!

**Langstone Hughes** het gesê: 'Hou vas aan wat julle droom, want as drome doodgaan, is die lewe soos 'n voël met 'n gebreekte vlerk – hy kan nooit vlieg nie.'

**Die vraag is:** Wat is God se wil in ons lewens?  
Het ek en jy al daarby uitgekom?

.....

# VUUR VAN DIE HEMEL

Ons moet bewus wees daarvan dat Heilige Gees die Here Jesus Christus in die lewe van elke gelowige, wil verheerlik.

Heilige Gees is die derde persoon van die Godheid.  
Hy is verseker nie net die 'onsigbare krag van God' nie.

As ons Heilige Gees as net 'n krag sien, sal ons almal net meer wil hê van hierdie krag. Ons sal dit almal wil hê net vir onself.  
Ons moet Heilige Gees sien as 'n persoon.

Dan sal ons onself vir Hóm wil gee, sodat Hy ons kan gebruik soos wat Hy wil. Ons sien nie Heilige Gees nie, maar ons hier is almal getuies daarvan van wat Hy al gedoen het.  
Ons het Sy krag ervaar en Sy teenwoordigheid.

Hy het so 'n groot begeerte om in ons elkeen te wees.  
Die enigste liggaam wat Heilige Gees het, is die liggaam van die kerk, en die liggaam van elke gelowige in wie Hy bly.

Heilige Gees moet ook altyd gesien word as God.  
In die Handeling word Hy ook God genoem.  
In Handeling 5 sê Petrus vir Ananias: 'Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg?  
Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God!'

In die Ou Testament lees ons dat die Heilige Gees **op** mense gekom het. Die Nuwe Testament sê: Hy **woon in** die gelowiges.  
In die Ou Testament het God die Heilige Gees aan mense gegee om spesifieke take uit te voer, en dan het Hy weer die Heilige Gees weg-geneem van hulle.

In die dispensasie waarin ons nou lewe, word elke gelowige verseël deur die Heilige Gees tot op die laaste dag.

In die oorspronklike taal van die Bybel is die woord 'Holy Spirit' en die woord 'Holy Ghost' presies dieselfde. Daar is geen verskil nie. Die vertalers van die Engelse Bybel het vir geen spesifieke rede soms net die ander naam gebruik. In die King James Bybel word dieselde woord vertaal as: 'The Spirit' – 120 keer. 'The Holy Ghost' – 88 keer en 'The Holy Spirit' – 7 keer. Is dit nie maar ook net wat elke dag in kerke gebeur nie?

Ons kan dit nie gering ag dat vertalings net skryf wat hulle wil nie. Vuur is 'n simbool van Heilige Gees.

Johannes die Doper profeteer oor Jesus Christus en sê in

***Mattheus 3:11;***

'Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur'.

In die kerk kan kan ons Heilige Gees onder andere op verskillende maniere van vuur waarneem:

Hemelse vuur, vreemde vuur, wilde vuur of geen vuur.

Die Tabernakel word in die wildernis gebou. Die priesters maak gereed om hulle bediening te begin en offerhande aan God te bring. Die offerhande word voor God opgestel en dan sien ons iets: ***Levitikus 9:23 en 24;***

'Daarop het Moses en Aäron in die tent van samekoms gegaan; en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën.

En die heerlijkheid van die HERE het aan die hele volk verskyn en vuur het van die aangesig van die HERE uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer'.

Dit was God se begeerte om hierdie 'hemelse vuur' elke keer te stuur om die offerhande te verbrand. Dit was 'n teken van die heerlijkheid van die Here. Die vuur het van uit God gekom, uit die hemele en op die altaar gaan val. Dit kom direk van God af en God wou so aan Sy volk Sy teenwoordigheid wys.

Onthou ook dat dieselfde vuur uit die hemel geval het by Elia. Die vuur het alles op die altare verteer. Dit was 'hemelse vuur'.

Nou lees ons in **Levitikus 10:1**;

'En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie'.

Die gevolge hierdie poging was 'vreemde vuur'.

Hierdie was mensgemaakte vuur en dus nie bo-natuurlik nie.

Omdat dit sonde was in die oë van God en omdat dit nie God se hemelse vuur was nie, was dit verkeerd.

Hulle het besluit om nie op die Here te wag nie. Hulle wou hulle eie ding doen. Gebeur dit nie nog steeds nie?

Kom ons lees verder oor die toorn van God: **Levitikus 10:2**;

'Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE'.

Hier kom vuur van God af en verbrand hulle.

Om self op menslike maniere vuur te maak as deel van offerhande, veroorsaak 'vreemde vuur'.

Die regte hemelse vuur moet van God af kom.

In die kerk en in ons vandag sien ons nog soveel van die mens, en so min van God. Mensgemaakte verheerliking is nog altyd 'vreemde vuur' in ons kerke.

Dit is so erg dat daar in so baie kerke 'geen vuur' is nie.

Hierdie kerke is so versigtig vir 'wilde vuur' en 'vreemde vuur', dat hulle 'geen vuur' toelaat nie.

Hulle is baie standvastig in hulle geloof, maar daar is geen krag nie. Die heiliges in meeste kerke is gewortel in die Woord en in daade, maar het net nie genoeg vuur om siele te wen nie.

Onthou: Heilige Gees vuur is 'n teken van outoriteit en krag.

Wêreldwyd is die kerk vasgevang in 'n situasie waar soveel opregte Christene blootgestel word aan 'wilde vuur'.

Omdat daar so min van die onderskeiding van die Gees is, kom hulle dit óf soms te laat agter, óf soms nooit agter nie.

'Wilde vuur' kom van die bose en vals geeste af'.

Ons moet weet dat vir elke oorspronklike seëning van God, daar alreeds 'n vervalsing bestaan.

Maar, as ons teruggaan na die woorde van Johannes die Doper: Jesus Christus kom om ons te vervul met Sy Heilige Gees en met Sy vuur. Wat gebeur met die uitstorting van die Heilige Gees?

### ***Handelinge 2:3-4;***

'Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek'.

Hierdie is 'n teken van die begeerte van die Here om ons te vul. Sy vuur hier was 'n teken dat Heilige Gees opgedaag het.

Kom ons gaan terug en lees hierdie gedeelte weer:

### ***Handelinge 2:1-7***

'En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas

en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie?’

Almal van ons het `n verwagting dat die Heilige Gees so op ons moet kom. Kom ons kyk na hierdie gedeelte:

**Vers 5:**

‘En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie’.

Waar was hulle toe die Gees uitgestort is?

Hulle was in die kerk, maar sonder `n verwagting.

Was hulle saam met die ander wat eendragtig gewag het op die Gees? Nee, hulle was buite. Hoekom? Hulle het gekies om buite te wees. Net soos dié wat vandag ook so kies.

**Wat gebeur met dié wat binne wag?**

- \* Hulle hoor die geluid wat uit die hemel kom.
- \* Hulle sien en ervaar die tonge van vuur op hulle.
- \* Hulle word vervul met die Heilige Gees.
- \* Hulle spreek in tale.

**Wat gebeur met dié wat buite was?**

- \* Hulle hoor net die geluid. (Hulle drom nou skielik saam.)
- \* Hulle sien nie die Heilige Gees as vuur nie.
- \* Hulle word nie vervul met die Heilige Gees nie.
- \* Hulle hoor net skielik almal in ander tale spreek.
- \* Hulle kry dit nie self nie.
- \* Hulle was verbaas en verwonder en in die war.

**Vandag vra hulle dié vrae:**

- \* Is ons dan nie almal vervul met die Heilige Gees nie?
- \* Moet ons dan nou ook skielik in tale spreek as ons nog altyd gehoor het dis nie nodig nie?
- \* Moet ons dan nou ook vuur uit die hemele verwag, as ons nog altyd gehoor het daar is nie meer so iets nie?
- \* Moet ek my dan nou ook weer laat doop?

Dis so jammer dat hierdie dinge Christene nog altyd van mekaar weggedryf het. Of dit so staan in die Bybel is nog altyd weggeredeneer. Wel vriend, dis jou keuse.

As jy wil vervul word met Sy Heilige Gees dan moet jy dit kies.

Onthou: Jesus Christus het self vir meer as 500 mense na Sy opstanding kom sê: 'Kom, wag vir die uitstorting van die Heilige Gees'. Mense persoonlik gevra deur Jesus.

Hoeveel was toe daar in die bo-kamer toe dit gebeur het? Net 120. Waar was die ander? Buite. Besig met hulle eie dinge.

Onthou: Baie is geroep, maar min reageer op die uitnodiging.

Is vas skriftuurlik? Ja. Hoekom doen ons dit dan nie?

Staan daar in **Mattheus 17:21**,

'Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie'?

As vers 21 uitgelaat is in jou Bybel, wil ek weet hoekom.

En moenie sê êrns onder staan 'n klein sterretjie nie.

Hoe meer jy tyd spandeer met God en met Sy Heilige Gees, hoe meer tree jy op soos Hy en praat jy soos Hy.

Dis nie meer langer ek wat lewe nie, maar Christus deur my.